**CACHET APTEEK**

Groot genoeg om u te bedien.
Klein genoeg om u te ken.

★

DIE STUDENTE-APTEEK

die WAPAD

Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.

JAARGANG XXX VRYDAG, 1 AUGUSTUS 1975 NR. 9

PUKKE!
vir al u kleurbaadjies
**Johan Claassen Broers**
(Edms.) Bpk.
Tel. 3612,
POTCHEFSTROOM.
Kerkstraat 92.
Tak: Tomstraat 100.

# Hare word dalk langer

**REËL of nie reël nie, dít is waaroor warm vergaderings gehou word en mens moet hare op jou tande hê of anders word jy in die hare gevlieg.**

Op 'n studenteraadsvergadering gehou op 23 Junie het dit regtig „harekloof" gegaan toe nege studenteraadslede teen agt besluit het om weg te doen met die amptelike harereël.

MOSIE

Die volledige mosie wat mnr. Japie Robbertse, ondervoorsitter van die studenteraad ingedien het, lui soos volg, dat:

1) die vorige voorstel in verband met haardrag vir mans herroep word;

2) hierdie studenteraad die vereiste in verband met hare gestel deur die senaat van die P.U. vir C.H.O. ondersteun, naamlik dat die hare volgens die mode en netjies moet wees;

3) die geskrewe harereël soos volg moet lui:

a. die hare netjies moet wees;

b. die hare volgens die mode gedra word. Onder mode verstaan ons die wyse waarop die oorgrote meerderheid Pukstudente hul hare dra;

4. die owerheid versoek word om 'n komitee in die lewe te roep bestaande uit lede van die owerheid en die studente wat dan sal moet beslis of die betrokke persoon die reëls in (3) genoem oortree, wel skuldig is, al dan nie. Hierdie komitee ook sal beslis sake rakende kleredrag van al die studente;

5. die beslissings van die komitee finaal sal wees;

6. hierdie studenteraad onderneem om binne georganiseerde studentelewe hierdie reël af te dwing;

7. die owerheid versoek word om bogenoemde reëls op hul terrein toe te pas;

8. hierdie besluit, indien deur die owerheid goedgekeur word, duidelik aan al die studente oorgedra word.

'n Intensiewe bespreking het toe op dié voorstel gevolg. Mnr. Paul Kruger, van Etulo-faam, het ingespring en 'n ordevoorstel ingedien dat al die studenteraadslede teenwoordig moet wees alvorens oor die saak gestem kan word, „ten einde 'n

★ Vervolg op bladsy 3

Hier onderteken prof. H. J. J. Bingle, rektor van die Puk, die kontrak vir die oprigting van die studentesentrum. Links staan mnr. L. Iddekinge, besturende direkteur van Fowler Construction. (Foto: Fotokuns.)



# *Sentrum nou nie meer grappies*

**DIE oprigting van die langverwagte studentesentrum van die P.U. vir C.H.O. is uiteindelik werklikheid! Die kontrak tussen die Universiteit en die kontrakteurs is op 27 Junie in die Senaatsaal van die P.U. onderteken.**

Dit maak voorsiening vir die voltooiing van die studentesentrum binne drie jaar, teen die koste van R3½ miljoen. Die bouwerk is reeds aan die gang en hierdie „hart van die kampus" sal verrys wes van Hoffmanstraat, skuinsoor die tydelike gebou van Spraakleer en Drama.

BEELDRADIO

Die studentesentrum maak voorsiening vir haas elke vorm van ontspanning; musiek, T.V., muurbal, biljart; daar sal 'n kafeteria wees, studenteraadskantore, 'n onthaallokaal, sitkamers, 'n daktuin, 'n saal vir ongeveer 1 200 mense en 'n amfiteater met sitplek vir 3 500 mense.

BRANDPUNT

Die studentesentrum sal in meer as een opsig die brandpunt van die kampus vorm: nie alleen op die gebiede van ontspanning, sosiale verkeer en kultuur nie, maar selfs argitektonies sal dit wandelpaaie uitstraal na al die verskillende paaie van die kampus.

Die boustyl sal iets heel besonders wees, met argitektoniese klem op die sirkel, die kubus en die driehoek.

Ander geboue wat vinnig besig is om te verrys, is die Sielkunde en Opvoedkundegebou Noord van die Farmasiegebou werskaf die kontrakteurs ook aan die kelderverdieping van die Biologieseblok. Hierdie gebou sal na raming 'n groot hap van die R34 miljoen, wat vir boufondse opsy gesit is, neem. En een van die dae begin die administrasiegebou, die ekonomiese blok en dan die ingenieursblok.

# LIBERALE NUSAS WIL ONDERDRUK

**DIE Transvaler van 14 Julie berig dat Nusas op sy onlangse jaarkongres 'n ingrypende voorstel aangeneem het wat daarop neerkom dat studenterade aan universiteite algehele beheer moet hê oor die aanstelling en afdanking van redakteurs van studentekoerante.**

Die voorstel is deur mnr. Sean Moroney, Wits Student se redakteur, ingedien en dit is met een teenstem aanvaar.

Die Transvaler berig: „Sy voorstel behels dat wanneer 'n redakteur aangestel is, slegs die studenteraad hom kan ontslaan; dat al die studenterade hulle standpunte in dié verband duidelik moet stel teenoor die universiteit se administrasies; dat 'n ontslag slegs kan plaasvind in terme van 'n duidelik omlynde studentepers-kode.

HOF

„Mnr. Robbie Ferron van Kaapstad het teen die mosie gestem omdat hy glo 'n studentehof — wat onafhanklik saamgestel is — is meer bevoeg om oor 'n redakteur se doen en late te besluit as 'n studenteraad.

„Die mosie skop sommer af met 'n deklarasie dat alle koerante heeltemal vry moet wees van enige vorm van sensuur," aldus Die Transvaler.



'n Toneeltjie uit Alabama se Revue '75. Alabama het vanjaar in Rhodesië gaan toer (lees kunsblad). Voor die toer het hulle ook op beeldradio verskyn. (Foto: Fotokuns.)

# VOLGENDE WEEK SE WAPAD

VOLGENDE week se Wapad, heeltemal gratis soos altyd, moet niemand misloop nie.

Benewens 'n volledige verslag oor die ASB en Nusas kongresse, sal daar ook 'n onderhoud met die nuwe president van die ASB, mnr. Marius Schalekamp van die Puk, wees.

Kom lees ook in volgende week se Wapad hoe die harekwessie staan. Dit staan Pukke ook vry om vir volgende week se Wapad briewe te skryf oor dinge wat hulle pla.

# NUUS IN 'N NEUTEDOP

A.S.B.

Marius Schalekamp, studenteraadsvoorsitter van die Puk, is op die afgelope A.S.B.-kongres as president van die A.S.B. gekies. Hy volg mnr. Piet Strauss van Pretoria op.

LIBERALIA

Dié manskoshuis sit nou sonder 'n primarius nadat mnr. Callie Opperman, gewese primarius, die koshuis vóór die vakansie verlaat het. 'n Verkiesing sal eersdaags by Liberalia gehou word.

NUSAS

Uit betroubare bronne word verneem dat die studenteraadsvoorsitter, mnr. Marius Schalekamp en die uittredende president van Nusas, mnr. Karel Tip, 'n warm onderonsie in Kaapstad tydens die SR se skakeltoer daar gehad het. Ná die onderonsie was mnr. Tip glo baie positief om met die ASB te skakel.

FIETSRY

Etjies Bezuidenhout, kranige fietsryer van Over-de-Voor, het derde in die Kokstad fietswedren op 20 Julie gekom. Alan van Heerden en Gerald Klopper was onderskeidelik eerste en tweede.

OOM KAROOLS

Oom Karools Reinecke, adjunk-direkteur van ontwikkeling, het op 15 Julie afgetree. Oom Karools het omtrent al wat 'n skool is in Suid-Afrika — dit is 1 115 besoeke aan 381 hoërskole in Suid-Afrika, Suidwes en Rhodesië. Die Wapad wil net sê — sterkte vir die toekoms.

BULT-APTEEK

ONS KEN U BENODIGDHEDE
AFLEWERING ORAL OP DIE KAMPUS
Tomstraat 89B en C Tel. 5943 en 3377
STUDENTE APTEEK
—WP



Hierdie somer moet die asters nie net somer sien en voel nie. Nee, die modebase het laat weet dat die asters dit ook moet dra. Maak 'n blomtuin van jou rok. (Skets: Ilse Kok.)

# *Hoe sien ander mense jou?*

**ELKE meisie kom op 'n stadium wanneer sy wonder hoe ander mense haar sien. En dit is vir jou 'n ding!**

Nie dat hulle my juis kan miskyk nie, want ek is so lank soos 'n telegraafpaal, net langer. Daarby nog vet ook, maar dit hinder my nie, want sodra iets my hinder, begin ek te eet.

Net vanoggend het ek die spieël nader getrek en myself beskou. En as ek nie so bygelowig was nie dan het ek die ding sowaar stukkend gegooi. Elke keer as ek daarin kyk besef ek dat ek nooit 'n apteker of 'n advokaat sal uitslaan nie, maar tevrede sal moet wees met 'n gewone Jan Sommerso, wat 'n gewone werk doen en 'n gesig het wat daarby pas.

Tog is ek nie oorbeskeie nie, want in elke vrou is mos maar daardie bietjie ydelheid wat van haar 'n vrou maak; ydelheid in die goeie sin van die woord.

Ek het al so baie meisies gesien wat die holrug beskrywing van „beeldskoon" verdien. Sy het die regte afmetings; haar tande lyk soos pêrels (soos swak skrywers sê); haar oë blink en haar vel is soos satyn.

Maar hoe sien ander mense my? Vra ses mense en jy sal ses antwoorde kry. My Ma sê mos die enigste iets wat voorspelbaar is omtrent my, is my onvoorspelbaarheid. En my onderhoudskoste is iets waaroor my pa in trurat liries kan raak.

Maar hoe sal iemand my nou eintlik beskryf? Ek is iemand wat leef soos die lewe my skommel. Ek het 'n haat in mense wat snork. Ek hou van biltong om die dors mee te kweek en koeldrank om dit mee af te spoel. Ek het 'n verbeelding wat die see voor my kan optower met sy groen en swel en dein van golwe. Ek kan selfs die dreuning hoor van branders wat breek. Maar altyd dring dit tot my deur dat dit net 'n geestelike lugspieëling was.

Aldus hoe mense my sien: Groen wanneer daar jaloesie is; rooi as die bul storm; blou wanneer daar geen donderwolke is nie en grys op 'n Maandagoggend as die son nog op sy hurke sit.

# *HARE: DIE KROON VAN SKOONHEID ÓF MISNOEË*

**JOU HARE kan die kroon van jou skoonheid wees. Niks kan 'n meisie se voorkoms so verander as haar hare nie.**

Hare groei in 'n gereelde 1 000-dae suklus. Nuwe hare word gedurig geproduseer en om plek te maak vir die jong hare, val die oues mettertyd uit. Dit is normaal om 50 tot 100 hare per dag te verloor. Hare val makliker in Mei en November uit en meer in die oggend as in die aand.

Vir sommige meisies is die feit dat hulle hare uitval nie 'n normale proses nie omdat hulle baie meer hare verloor as wat wenslik is. Dit is 'n gesondheidsprobleem. Eet reg, rus genoeg.

Bevorder die bloedsirgulasie deur op jou kop te staan of deur die kopvel te masseer. Leer om te ontspan. Swak sirkulasie, wat tot gevolg het dat hare uitval, kan veroorsaak word deur spanning in die skouers en nek. Hou jou hare altyd blink en skoon. Moenie jou hare te styf agtertoe in 'n ponie-stert vasbind nie. Vermy ook rekkies. Rollers met borseltjies is baie gevaarlik. As dit moontlik is, vermy alle rollers en moet veral nie daarmee slaap nie.

'n Srooi of demimhoed mag pragtig lyk maar dit spel kleurloosheid en ongesonde hare. Gee jou hare en kopvel genoeg kans om asem te haal. Moenie jou hare uitkam wanneer dit nog nat is nie. Dit is ook skadelik om jou hare te geweldig te borsel.

Gebreekte hare is 'n seer oog en dit is jou eie nalatigheid. Hare word swak as dit te veel gekleur of gebleik word. 'n „Mini Vogue" of „Frizzy Curl" maak hare makliker beheerbaar maar is ongesond vir hare met 'n fyn tekstuur. Gebreekte punte neem drie maande om te herstel. Was jou hare met 'n wasmiddel waarvan die suurkonsentrasie laag is en vermy rollers.

### SKILFERS

Elke mens het skilfers maar wanneer dit hande uitruk, het dit behandeling nodig Te veel suiker, vette, sure en spanning kan die probleem vergroot.

Skilfers en olierige hare is nie 'n seldsame kombinasie nie. Die oorproduksie van olie laat die dooie selle vinniger los kom. Om dit te beheer moet jy 'n shampoo gebruik wat al die oortollige olie absorbeer (Contra Shampoo en Sebbix Shampoo).

Skilfers op 'n droë kopvel word deur 'n tekort aan water veroorsaak en nie deur 'n te kort aan olie nie.

Teenvoeters van skilfers is Revlon ZP-11 en Kerastase Anti-skilfer versorging.

### DUN HARE

Die aantal harê op jou kop het niks te doen met hoe dik of dun jou hare lyk nie. Blondines het byvoorbeeld baie meer hare as brunette. Die groei van hare word deur jou gene bepaal en daar is niks wat jy daaraan kan doen nie. Deur van sekere middele te gebruik kan jy jou hare egter laat pof staan en dit sodoende meer laat lyk. Een metode is om proteïnwasmiddels te gebruik (Sunsilk protein conditioner) Dit laat 'n lagie proteïne op elke afsonderlike haartjie en laat dit meer welig voorkom. 'n Ander metode om die haar te laat swel is om dit te „highlight".

Hou jou hare skoon. Hoe skoner jou hare is, hou meer is dit. 'n Kort haarstyl wat jy net kan was-en-kam is die beste vir fyn hare. Lang hare is swaar en die gewig laat dit plat teen die kop lê.

Gebruik ook Kerastase Triple Surfactiv; Redken HP „19"; en Body 'n Bounce.

### OLIERIGE HARE

Eet jy reg? Vergeet dat neute, jodiumsout en sjokolade bestaan. Was jou hare ten minste twee keer per week, meer as jy kan. Die feit dat te veel was ongesond is vir jou hare, is 'n regte ouvroustorie. Kies jou wasmiddels versigtig. Magnesium absorbeer olie sonder om jou hare te beskadig. Koop die magnesium apart en voeg dit by jou wasmiddel. Suurlemoen is ook goed.

Kopvel behandeling is ook aan te bevele maar moet nooit die olie probeer onderdruk nie. Olie moet afgeskei word omdat die liggaam geen nut daarvan het nie.

Gebruik L'Oréal Rebane; Kerastase Anti-Seborrhea Bath; en wasmiddels spesiaal vir olie-hare.

### DROË GESPLETE PUNTE

Baie keer kry mens hare wat aan die een kant olierig is en by die punte gesplete en droog is. Dit is as gevolg van hitte (bêre die krultang!) te veel borsel, en „teasd". As hare een keer gesplete punte het, kan niks dit heel nie.

Daar is twee effektiewe maniere om daarvan ontslae te raak. Sny dit of laat die punte brand, laasgenoemde moet net deur 'n kenner gedoen word. Soms kan 'n warm olyfolie behandeling ook help.

Vermy son en baie warm haardroërs.

### DROË HARE

Droë hare ontstaan wanneer hare reguit gemaak word, gekleur word en wanneer dit permanent gegolf word. Sommige hare is egter van nature droog. Sulke hare word veroorsaak deur 'n tekort aan water.

Die oliekliertjies van die kopvel produseer te min olie om die verdamping van water te verhoed. Balsem opknapmiddels en 'n romerige afspoelmiddel is baie goed om te gebruik.

Hare wat verdroog het as gevolg van kleursels, golwings en reguitmaakprosesse, het spesiale aandag nodig. Gebruik suur- en protein wasmiddels en suur opknapmiddels.

Haarsny is baie belangrik. Laat jou hare stylleer vir die minste moeite. Dan kan jy dit net was en borsel of kam. Jou medekosgangers, jou ousus of jou kêrel kan nie een so goed hare sny en stylleer soos 'n gekwalifiseerde haarkapper nie.

Jou hare is van jou barmhartigheid afhanklik. Gee dit die beste behandeling en aandag en hulle sal jou skoonheid gee.

## WINSTE

DAAR bestaan 'n groot behoefte aan geriewe vir ontspanning in Promosa. Noodsaaklike fisiese hulp is noodsaaklik bv. die daarstel van parke, sportterreine, tennisbane, 'n swembad en daarvoor is geld nodig.

Karnavalwinste kan sô nuttig aangewend word.



**Dit wil al hoe meer voorkom asof wighakke weer hoog in die mode gaan raak.**

# STUDENTERAAD WORD NOU SENTRALE STUDENTERAAD

**GEDURENDE die afgelope jare is daar telkens koersaanpassings deur die Studenteraad gemaak m.b.t. die struktuur van die georganiseerde studentelewe. Dit is gedoen om tred te hou met die snelle ontwikkeling in die studentelewe. Die studentelewe het die afgelope tyd 'n dinamiese ontwikkelingsgang getoon. Dit kan aan verskeie faktore toegeskryf word, waarvan die vernaamste die groeiende getalle van die studente en die betrokkenheid van die Pukke by die studentelewe is.**



**... Schalekamp, nuwe president van die ASB en breinkind van die struktuurverandering. (Foto: Fotokuns.)**

Die tyd het daarom ryp geword om die struktuur van ons studentelewe as geheel aan te pas by die eise van die tyd.

Die voetstuk van ons struktuur nl. die belangebehartigende gedagte staan stewig en vertoon daarby dinamies. Dit is egter die mure van die huis wat verander moet word sodat daar beter kanale geskep kan word om sodoende die belange van alle studente beter te kan dien. Ons het immers nie meer 10 koshuise nie, maar 20; nie meer 40 verenigings nie maar bykans 'n 100.

Die Studenteraad het op Maandag 28 Julie 1975 die volgende sake goedgekeur wat onmiddellik in werking tree.

RADE

Die hoofbesture (SSB, AB KK, PNB, ens.) het in so 'n mate uitgebrei dat die las op die Studenteraad as oorkoepelende liggaam toegeneem het. Dit het meegebring dat die Studenteraad minder geleentheid gekry het om sy eie werk, naamlik algemene studentebelange, beleidsake, inter-universitêre skakeling, ens., te doen. Daar is besluit dat die hoofbesture groter verantwoordelikhede moet ontvang omdat hulle in 'n groot mate outonoom is.

Die hoofbesture is verander na substudenterade, nl. die:

Akademiese Raad; Administratiewe Raad; Korpsraad; Politiese Raad; Kultuurraad; Koshuisraad; Sportraad.

Omdat die rade meer outonomiteit kry kan hulle direk skakel met die aansluitende belangesfere van die Universiteit, byvoorbeeld:

Akademiese Raad — Senaat; Administratiewe Raad — Administrasie en Tegnies; Kultuurraad — Departement Ontwikkeling; Korpsraad — I.B.C.; Koshuisraad — Koshuisbeheerraad; Sportraad — Sportinstituut.

Sommige van hierdie skakeling vind reeds plaas, maar met meer outonomiteit kan die belange van die studente op die onderskeie terreine beter hanteer word. Die voorsitters van die onderskeie rade sal elk ook die koshuise besoek om as direkte skakel tussen student en owerheid op daardie spesifieke terrein op te tree.

KONSOLIDASIE

Soos u reeds opgemerk het is twee hoofbesture gekonsolideer om een raad, nl. die Kultuurraad te vorm. Omdat die rade meer outonoom sal wees, dus 'n groter verantwoordelikheid sal dra, is hierdie twee saamgevoeg tot een raad. Dit is gedoen ook vanweë die feit dat hulle belange dikwels oorvleuel.

KOSHUISRAAD

Daar is ook 'n nuwe raad bygevoeg, nl. die Koshuisraad. Tot dusver het die koshuise buite die georganiseerde studentelewe gestaan en is alleen beskou as geografiese gebiede. Daar het nou meer behoeftes bygekom wat van algemene belang vir die hele kampus is. Dit het meegebring dat die bestaande kanale van die koshuisstudent ondoeltreffend geword het. Deur die koshuisraad word gehoop om in hierdie behoeftes te voorsien.

SENTRALE STUDENTERAAD

Deurdat die rade meer outonoom word, word hulle ontkoppel van die Sentrale Studenteraad, in die sin dat die Sentrale Studenteraad nie meer bestaan uit lede *van* SSB of ABKK nie. Die verskillende belangekringe dien dus in praktyk alleen as „kiesafdelings" vir die Sentrale Studenteraad. Uit elke belangekring word nog nog steeds 2 persone verkies. Hierdie persone verteenwoordig egter nie hulle spesifieke belangekring nie maar is alleen 'n lid van die Sentrale Studenteraad wat 'n sekere portefeulje behartig. Hulle tree alleenlik as skakel op tussen hulle betrokke belangekring en die Sentrale Studenteraad. Die Sentrale Studenteraadslede sal nou meer tyd kry om die algemene belange van die studente, en beleidsake te hanteer.

Deur hierdie nuwe struktuur sal sake meer soepel hanteer word van studentevlak na owerheidsvlak.

STEMREGVEREISTES

Die stemregvereistes soos goedgekeur deur die Sentrale Studenteraad hou in dat, indien 'n persoon stemreg besit vir een van die onderskeie rade (Sportraad, Koshuisraad, ens.) hy/sy stemreg het vir al die lede van die Sentrale Studenteraad. Bv. indien 'n persoon stemreg het vir die Koshuisraad (m.a.w. vir H.K.) of stemreg vir die Sportraad, het hy/sy stemreg vir al die lede van die Sentrale Studenteraad.

Hierdie stemregkwalifikasies vereis dus deelname aan ons studentelewe en is dus gekwalifiseerde stemreg.

KOUKUS

Alleen die koukus van elke raad sal die Uitvoerende Komitee van daardie raad verkies. Die koukus van elke raad bestaan uit al die lede van die verskillende onderliggame se besture. So sal o.a. die besture van Alabama en Montium die koukus van die Kultuurraad uitmaak. Die koukus van elke raad verkies op stemdag, onder toesig van die Hoofverkiesingsbeampte, die Uitvoerende Komitees van elke raad.

Om hierdie rede moet die verkiesing van die besture van die onderliggame van elke raad afgehandel wees voor die dag waarop die Sentrale Studenteraad verkies word.

MASSAVERGADERING

Die Studenteraad vertrou dat hierdie nuwe stelsel sal voorsien in die behoeftes van die huidige studentelewe op die Puk.

Maandag 4 Augustus 1975 om 7.30 nm. word 'n massavergadering in kamer 100 van die Frans du Toitgebou gehou. Gedurende hierdie vergadering sal die nuwe stelsel in detail verduidelik word.

# Korps help die Swazi's

Cecilia Louw

**PHEMBA N.G. Sendingstasie, in die distrik Manzini, lê langs 'n rivier in die stil natuur. Die stasie bestaan uit 'n kerk, 'n sendingskooltjie en 'n paar rondawelhuisies vir die onderwysers.**

'n Ou huis en 'n ander gebou word uitsluitlik vir die huisves van studente, wat vakansies help bou aan die uitbreidings van die stasie, gebruik. Ds. Malan woon ook op die sendingstasie in 'n groot grasdakhuis langs die kerkie.

Nadat die groep Pukke Vrydagaand reeds by die grens aangekom het en die nag op die ongemaklike dun bankies van die bus moes probeer slaap totdat die grenspos by Oskop die volgende oggend sou open was Phemba soos 'n Elim in die woestyn. Om hierdie aankoms soveel meer waarde te gee het 'n groep Maties ons ingewag en welkom geheet met 'n Phemba gasvryheid. Die Maties het aan 'n huishoudkundeklas van die skool gebou.

Maandag het die bouery in volle swang begin. Dit was stene laai, sand by die sandgat gaan losmaak en laai, water aandra, dagha aanmaak en vloer vasstamp. Die Pukke is die taak opgedra om 'n huis vir die skoolhoof te bou. Die fondament was reeds gelê.

Al wat 'n meisie is het in oorpak en al ingespring en die Matiemeisies het verwonder gestaan vóór die werkvermoë van die Puk se swakkere geslag. Selfs die sendingleeraar van Manzini, ds. Lubbe, kon sy oë nie glo nie.

Hierdie werkywer is 'n knou toegedien toe 'n paar die volgende dag neergetrek is met 'n snaakse siekte wat kop uitgesteek het. Niemand kan met sekerheid sê of hierdie Phemba siekte maagaandoening of styfheid van die vorige dag se skielike harde arbeid was nie.

Dinsdag is met die mure begin. Die „los"-meisies het stene aangegee; 'n dagha-„squad" moes vinnig spring om genoeg sement te voorsien. So tussen die werk deur is daar begin met verskillende „addisies" tot die „vokabulêr".

Saans om die kampvuur was daar tyd vir alles. Eers kon mens stil raak en saam met mense wat soos jy voel psalmsing of meegesels oor diep dinge. Daar is ook gelag met 'n kampvuurkonsert, saam met die Maties dak natgemaak, afskeid gehou met pannekoek en koffie en vleisbraai gehou.

Bedags daarenteen terwyl die son skyn het 'n paar bittereinders geswoeg en mens het die mure sien groei. Sonder Vaalpiet se water kon die dagha nie gemaak word nie en sonder die dagha kon mens nie mure bou nie en sonder dat die meisies stene aangegee het kon die bouers nie vinnig vorder nie. En saam met die mure het ons ook geestelik aan onsself gebou. Ook die groepsgees het gegroei. (Die mans het selfs die kookspanne help skottelgoed was).

Krisisse was daar ook genoeg. Die bus moes breek. Vaalpiet Odendaal is deur 'n onbekende gogga gebyt en moes dadelik hospitaal toe gaan. Met die terugkoms breek die vragmotor langs die pad en die klomp in die kamp wag bekommerd. Hulle is uiteindelik met die bus gaan haal, nadat hulle 'n hele paar uur in die middel van nêrens sit en wag het.

Met die bouery was daar 'n nypende tekort aan genoeg gereedskap. Oom Daan het die bouers getrou bygestaan, maar hy het soms die talent van die Pukke onderskat. Die sinkplate moes met 'n gewone saag gesny word. Die daghasquad sou ook vinniger gevorder het as dit nie was dat daar so min grawe was nie.

'n Dag is afgestaan vir die droog word van die mure. Die tyd is spandeer aan 'n toer deur Manzini. Middagete is aan huis van ds. en mev. Lubbe genuttig en daarna is die strate ingevaar. Die Swazi kunsmark is die beste ondersteun. Die aand is met die bus inry-teater toe gegaan. Dinsdag is daar weer met die dak opsit begin.

Die dae het gans en al te vinnig gevlieg. Voordat ons onsself kon kry was dit verby. Die laaste aand is daar 'n afskeid gereël. Dit was 'n mooi tyd. Ons was ook hartseer dat mens toe uitmekaar moes gaan — „noudat ons almal mekaar gevind het." Saam met die gebou wat agterbly het, het ook deel van onsself en baie mooi herinneringe agtergebly. Phemba-vakansie was 'n mooi tyd van gesonde student-wees.

Studente van die Universiteit van Pretoria het tydens 'n vakansie 'n hangbrug opgerig sodat dit nou moontlik is vir die Swazi's wat anderkant die rivier woon om saam die voorregte van die skool en kerk te geniet.

Tjaard Venter was die leier van die hulpprojek van Korps, terwyl Vorster en Salomé Combrinck opgetree het as toerouers. Daar was 38 Pukke wat meegedoen het aan hierdie projek.



**Hierdie Pukke het tydens die afgelope vakansie 'n bietjie sendingwerk gedoen. Dit was weer eens 'n hulpprojek van Korps Veritas Vincet. Dit was ook nie die eerste keer dat so 'n projek aangepak is nie. Korps hulpprojek is algemeen bekend vir hul sendingwerk onder die Swartes.**

## BETER KONTAK

DIE Studenteraad van die Vrystaatse Universiteit het in die lig van die huidige kontaklose toestand hom uitgespreek ten gunste van beter skakeling tussen al die universiteite in Suid-Afrika.

Bogenoemde blyk uit 'n berig in die Kovsies se Studentekoerant, die Irawa.

'n Voorwaarde word ook gestel — bilaterale skakeling aan die hand van ad hoc akademiese, vakkundige en ander terreine word voorgestaan mits sodanige kontak sinvol is en tot wedersydse begrip kan lei.

**★ Vervolg van bladsy 1**

herhaling van onlangse gebeure te voorkom". Hierdie ordevoorstel is met 'n meerderheid van stemme afgekeur.

Oor die „onlangse gebeure", wat in die ordevoorstel genoem word, bestaan daar heelwat gissinge. Blykbaar het dit te doen met 'n vlugskrif wat 'n sekere groep van die studenteraadslede ná twee studenteraadsvergaderings in die begin van Junie uitgegee het.

Dié vlugskrif, wat vra: „Wat gaan regtig aan?" is uitgegee deur sewe studenteraadslede wat geneë was om die ou reël te herroep, maar nie met 'n amptelike haarreël weg te doen nie.

Net dertien studenteraadslede het op 13 Junie die eerste „hare"-vergadering bygewoon. Daarom het die bogenoemde sewe studenteraadslede, Eric van der Walt, Francois van Wyk, Paul Krüger, Theunis Eloff, Frans van Dyk, George Lotter en Ben Cloete daarin geslaag om met 'n meerderheidstem wéér 'n reël daar te stel: „Langs die kop: ten langste tot by die onderkant van die oorlob... Agter die kop: ten langste tot by die onderkant van die hempskraag".

Op 'n byeenkoms van enkele studenteraadslede op 16 Junie is die besluit van 13 Junie gewysig wat op 'n algehele opheffing van die bestaande reël neergekom het. Die sewe ondertekenaars het blykbaar nie hierdie vergadering bygewoon nie. Hulle het ook in die vlugskrif die geldigheid van die vergadering op 16 Junie betwis, omdat daar na hul mening ongrondwetlik opgetree is. Daar is, volgens hul mening, nie genoegsaam voor die vergadering kennis gegee nie en daar is ook geen sakelyste beskikbaar gestel nie. Die sewe studenteraadslede was ook van mening dat hul besluit in die belang van die studentegemeenskap is.

Die hele saak is op die studenteraadsvergadering van 23 Junie geskik. Volgens die studenteraadsvoorsitter, mnr. Marius Schalekamp, was daar geen sprake van 'n skeuring in die studenteraad oor dié aangeleentheid nie, hoewel dit vir die buitestaander só mag lyk.

● Die studenteraadsbesluit van 23 Junie moet nou nog voor die universiteitsowerheid dien en eers dan sal die Pukke weet.



'n Kunsstudent besig met glaswerk. Dié jong departement wat vanjaar vier jaar oud is, bied kunsopleiding in vele rigtings. (Foto: Fotokuns.)

# UITSTA LING IN FRANS DU TOIT

**MAANDAGAAND 28 Julie is die jaarlikse salon-uitstalling van die Wes-Transvaalse Kunsvereniging in die Frans du Toit-uitstallokaal geopen.**

Die Wes-Transvaalse Kunsvereniging, wat eers as die Potchefstroomse Kunsvereniging bekend gestaan het, is besonder aktief en die bestuur doen alles in hul vermoë om deur die jaar 'n interessante program aan hul lede te bied.

Dit is juis as gevolg van hierdie bedrywighede dat die vereniging verlede jaar verhoogde status gekry het en verklaar is tot die Wes-Transvaalse Vereniging. Die vereniging is 'n tak van die Suid-Afrikaanse Kunsvereniging en bedien Potchefstroom en dorpe van sy omgewing.

'n Hoogtepunt elke jaar is die salonuitstalling waar lede van die vereniging geleentheid kry om van hul werk ten toon te stel. Vanjaar se uitstalling is deur prof. Buys geopen en hy het onder andere die volgende aanhaling gebruik: „Die mens wat die stem van die kuns nie wil hoor nie, is 'n barbaar. Laat hom wees wie hy wil wees".

Die uitstalling word gekenmerk deur die wye verskeidenheid van media sowel as stylrigtings. Daar is vanjaar 98 inskrywings ontvang, waaronder die werk van ses kunsstudente.

Werke wat my opgeval het is Marietjie van der Walt se hout-muurpaneel, „Afrika". Ek hou veral van die aanbiedingswyse waarin die afsonderlike panele tot 'n treffende eenheid kom.

Rita Bleske se olieverfskilderye neig na figuratiewe abstraksie en hou vir my 'n besondere bekoring in. Dit is veral die kleurgebruik wat opval. So ook kom Titia Ballot se lyn en kleurgebruik tot 'n gelukkige sintese. Faher Joye se skilderye is gelaai met emosionele en romantiese kwaliteite.

Vir my is die hoogtepunt van die uitstalling die houtbeelde van George Claeser. „Die Mantel" van Okkerneuthout het 'n delikate balans en hy maak op treffende wyse gebruik van die tekstuur van sy materiaal. In „Moeder en Kind" speel die ruimte 'n integrerende rol en weer eens gly die oog gemaklik oor die vlietende lyne.

Oor die algemeen is die standaard baie beter as die van verlede jaar en vergelyk dit ook baie goed met soortgelyke uitstallings wat ek al bygewoon het. Dit is 'n sprekende bewys daarvan dat die salon in sy doel slaag om kuns in die Wes-Transvaal te bevorder.

Die uitstalling kan nog tot 11 Augustus besigtig word.

# Dit gaan dol!

**PEET RYKE, die voorsitter van Alabama, was soos gewoonlik druk besig toe ek met hom gaan gesels het. „Dit gaan maar dol", maak hy verskoning en druk die Puk-pet stywer op sy kop.**

Hy en ander lede van die groep was besig om op 'n wyse wat getuig van 'n vakansie vol oefening, apparaat uit hul vervoerwa te laai.

Die toneeltjie het my bewondering vir dié vrolike klomp versterk. Daar steek ure en ure se oefening en opoffering agter die briljante resultaat wat ons op die verhoog sien. Dit moes baie keer „dol" gegaan het om die perfektheid en gehalte wat kenmerkend van Alabama is, te bereik.

Elke lid van die groep voel natuurlik dat dit alles die moeite werd is. Veral die afgelope toer na Rhodesië het die kroon gespan op al hul harde arbeid.

Soos alle toere was ook dié een onvergeetlik. En soos dit bykans altyd gebeur, het ook hulle bus gebreek. Duskant Nelspruit het die ramp hulle getref en moes hulle 'n nuwe bus uit Kemptonpark laat kom. In Pietersburg het 'n vragmotor vol groente in hulle vasgery. Gelukkig was dit ook die end van alle teenspoed.

Al hul elektroniese apparaat het heelwat grensformaliteite ten gevolg gehad. Die Rhodesiërs is geweldig streng op alle in- en uitvoer, maar gelukkig is die groep se grenssake vooraf deur 'n Johannesburgse firma gereël. Behalwe dat hulle 'n waarborg van R18 000 moes betaal (wat natuurlik weer teruggegee is ná die toer), kon die groep dus die grens sonder verdere probleme oorsteek.

Die toergroep het altesaam 7 000 km gedurende die toer afgelê. Die lang afstande het hulle letterlik dood gemaak, en daarom was die vliegtuigrit terug nog lekkerder as gewoonlik.

Voordat Alabama die Limpopo oorgesteek het, het die Rhodesiërs geen benul van 'n plek soos die P.U. vir C.H.O. gehad nie. Vandag is dit 'n ander storie.

Die aanbiedings het die gehore vreeslik beïndruk. Hulle het glad nie 'n aanbieding in hierdie styl verwag nie. Party het selfs erken dat hulle voorbereid was op 'n boere-orkes en volkspele! Een dame was baie ontsteld omdat die groep nie Sarie Marais gesing het nie.

In Rhodesië het selfs die kleinerige dorpies 'n eie teater, en behalwe op Bulawayo was die bywoning oral baie goed. Veral die impressario's van die teaters het aangehou dat hulle die toer moes verleng, want hulle was maar te deeglik bewus van Alabama se sukses by die kaartjieskantore.

Op hulle beurt was die groep weer baie beïndruk met Rhodesië en sy gasvrye inwoners. By Umtali en Gwelo het hulle nie in ruskampe geslaap nie, maar by verskillende gesinne tuisgegaan.

Umtali met sy ruie, groen bosse, was vir hulle, volgens Peet, een van die mooiste plekke in Rhodesië. Hulle het die tydjie by die Victoria Waterval baie geniet. Oorspronklik sou hulle twee vertonings daar hou, maar dis op die laaste nippertjie afgestel en het hulle toe net kon vakansie hou.

Omdat toerisme in Rhodesië so sterk aangeblaas word, het hulle geen probleme met petrol gehad nie, in teenstelling met die inwoners wat skaars twintig liter per maand mag kry.

Behalwe dat daar nêrens in Rhodesië koeldrankstrooitjies verkrygbaar is nie, was daar vir die groep geen teken van die veelbesproke sanksies nie. Hulle was ook nie bewus van gevaar nie, en kon slegs aangename herinneringe van nog 'n onvergeetlike Alabama-toer saambring universiteit toe.



Die eerste vierdejaar kunsstudente in die geskiedenis van die Puk. Dié kursus is vanjaar vier jaar oud. In die middel staan prof. Ballot, departementshoof, en mej. Adrienne Viljoen, 'n lektrise. (Foto: Fotokuns.)

# KOOR AAN DIE BRAND

**DIE P.U.-koor het hierdie vakansie die kultuurvlam hoog laat brand in die Transvaal. Hul toerprogram het plekke van Tzaneen tot by Rustenburg ingesluit en oral het hulle die gehore beïndruk met die kwaliteit en afgerondheid van hul sang.**

Met Radio P.U.-Koria om hulle tydens die lang ritte aan die gang te hou, was die toer in alle opsigte geslaagd. Vir die eerste keer in die geskiedenis van die koor het die opbrengs 'n groot wins getoon. Die koor het ook groter gehore getrek as vorige jare, veral as mens in aanmerking neem dat hulle baie klein plekkies besoek het.

Die koor bestaan uit 37 lede. Hulle word afgerig deur die bekwame mej. Ria Nel, 'n dosente in skoolmusiek by die Konservatorium.

Hul program is saamgestel om elke smaak te bevredig. Die tweede deel van hul program wat negerliedere en volksmusiek uit Duitsland, Engeland, Frankryk en Suid-Afrika, asook Bantoe- en Kleurlingliedjies insluit, het die meeste byval tydens die toer gevind.

Die eerste deel bestaan uit gewyde liedere in Latyn, Engels, Duits en Afrikaans. Tog is dit nie streng gewyd nie en word dit dikwels afgewissel met ligter liedere.

Die koor sing ook 'n Liedersiklus vir Gemengde Koor en Klavier deur prof. Pieter de Villiers. Dit is gebaseer op gedigte van Boerneef en prof. De Villiers noem dit Ses Liedjies vir Latenstyd. Vir alle bewonderaars van sy Boerneefliedjies sal hierdie siklus net so 'n hoogtepunt wees as die eerste aanhoor van Die berggans het 'n veer laat val.

Die koor tree slegs eenmaal in Potchefstroom op. Dit is op 16 Augustus in die Konservatoriumsaal. Besprekings kan by die Konservatorium of by die S.R.-kantoor gedoen word.



Prof. Pieter de Villiers, wat gedigte vir die koor getoonset het. Prof. De Villiers het oor die afgelope aantal jare daarin geslaag om die koor landwyd bekend te maak.

# CHOREO VIR ALMAL

MET die Dramadepartement se aanbieding van Choreo '75 het ons vir die eerste keer vanjaar die geleentheid om 'n program van skeppende beweging te sien. Hierdie kunsvorm is nog relatief onbekend in Suid-Afrika, hoewel dit in Europa besonder gewild is.

In skeppende beweging word die liggaam as instrument gebruik om die emosie wat uit die musiek spreek, te verbeeld. Die choreografie vorm dus die kern van die hele aanbieding. Dit word waargeneem deur Brenda Potgieter.

Mej. Potgieter het beweging bestudeer in Wenen, Oostenryk onder die bekwame leiding van prof. Rosalia Chladek. Sy het daar haar Diploma in Skeppende Beweging asook haar Onderwysdiploma met lof behaal.

Mej. Potgieter dra juis hierdie aanbieding op aan prof. Chladek by geleentheid van haar sewentigste verjaarsdag.

Die program bestaan uit 'n verskeidenheid nommers en behoort in almal se smaak te val. Die nommer Fancy Free sal veral by die studente groot byval vind. Deur middel van beweging word beskryf wat gebeur as drie matrose met landverlof twee mooi meisies ontmoet!

Vir die liefhebbers van poësie is daar 'n vertolking van W. E. G. Louw se gedig „Adam", aangevul deur beweging. 'n Ander nommer, Pardon revue, is 'n gestileerde revue in die styl van die musiekblyspele.

Die ensemble bestaan uit studente van die Dramadepartement wat hierdie kunsvorm vir die plesier daarvan beoefen, aangesien dit maar 'n klein onderafdelinkie van die drama-opleiding is.

Choreo '75 word op 1 en 2 Augustus om 20h15 in die Totiussaal aangebied. Besprekings kan by Pro Rege gedoen word. Daar sal ook kaartjies by die deure beskikbaar wees.

# my broer se brilll...

# *Dit brilll... eintlik van smaak*

**THALIA kan nêrens 'n beter getuigskrif as die voorwoord van hul program kry nie. Dit is deur die rektor, prof. H. J. J. Bingle, geskryf.**

„Vir die soveelste keer is Thalia druk besig met die program waarna almal uitsien.

Hulle staan telkens voor dieselfde probleem, naamlik die skraal mark waarvandaan hulle hul lewensnoodsaaklike ware moet verkry. Ek bedoel hiermee dat hulle nie die wêreld se keuse het vir geskikte stukke om op die planke te bring nie.

En tog... in die hande van hierdie groep toegewyde studente vind ons elke jaar die besondere resultate met wat hulle aanbied.

Ons aller beste wense vergesel hulle en ons beveel hulle sonder voorbehoud aan vir 'n aangename aand van ontspanning saam met blymoedige en wellewende studente. H. J. J. Bingle, rektor."

Die regisseur van die stuk van Dirk de Villiers, bekende rolprentmaker, Aldo Behrens, is 'n senior lektor by die departement Spraakleer en Drama. Die hulpregisseuse, Liesbeth Schoeman, is 'n junior lektrise aan dié departement.

Die spelers is Jan Meyer, Kobie Nortje, Martie Buitendag, Ria Botha, Christo Schwellnus, Louis Bester en Paul Reyneke.

**Foto's deur Fotokuns**



Die blinde Adriaan van der Byl (Jan Meyer) besig om sy prooi op hol te jaag, tydens Thalia se opvoering van My Broer se Bril.

**T H A L I A**



Adriaan van der Byl, blind en sukkelend om sy vrou Marie (Martie Buitendag) te sien, in een van sy buie. Pukke het vanaand die laaste kans om Dirk de Villiers se stuk, My Broer se Bril, te sien.

**HELP!**



Adriaan van der Byl (Jan Meyer), blind en met R500 000 tot sy beskikking, weer met iets onderduims besig. Helpende is Freddie (Paul Reyneke). Dit is die eerste keer dat Thalia 'n ernstige stuk opvoer en met My Broer se Bril het hulle beslis die kol getref.



Freddie (Paul Reyneke) en die blinde Adriaan van der Byl (Jan Meyer) besig om Marie van der Byl (Martie Buitendag), Adriaan se vrou, 'n inspuiting te gee. Dis 'n stuk van misdaad, afpersing en selfs heksery.

**MY BROER SE BRIL**



Dit lyk hier asof Adriaan van der Byl (Jan Meyer) niks wil weet wat sersant Grobbelaar (Kobie Nortje) aan hom te vertel het nie. Errol van der Byl, kyk met 'n duh-uitdrukking toe. Ewe verbaas staan tant Emily (Ria Botha) die hele petalje en gade slaan.

die WAPAD

# GELUK

**DIE Wapad wil van die geleentheid gebruik maak om mnr. Marius Schalekamp, studenteraadsvoorsitter van Puk, met sy verkiesing as president van die ASB geluk te wens.**

**Met die verkiesing van mnr. Schalekamp kan daar ook nou gehoop word dat die Afrikaanse student tot sy volle uiting sal kom en dat die ASB tot sy reg onder al die studente van Suid-Afrika sal kom.**

# SKAKELING

**MNR. SCHALEKAMP het ook reeds van groter skakeling met die Engelse studente gepraat.**

**Dit is nodig en kan gedoen word sonder dat een sy eie karakter verloor. Vir Suid-Afrika lê daar 'n moeilike tyd voor en met die vyand al hoe nader aan ons grense, is dit noodsaaklik dat Engelse en Afrikaanse studente mekaar die hand moet gee.**

# ONDERDRUKKING

**DIE Wapad merk ook op dat Nusas 'n voorstel aanvaar het dat studenterade absolute gesag oor die redakteur van 'n studentekoerant moet hê maar terselfdertyd ook daarop aandring dat koerante van alle sensuur onthef moet word.**

**Hoe rym dit dan, Nusas?**

# *VERSLAAF AAN 'KRIP'*

**GEAGTE REDAKTEUR, — Die afgelope toetsweek het ek opgemerk en gehoor dat hierdie „metode" groot en ernstige afmetings aanneem. Die „krip"-epidemie is 'n verslawingsiekte wat steeds meer en meer slagoffers eis.**

Dit vind ook nie net in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte plaas nie, maar ek het ook gehoor van soortgelyke gevalle in ander fakulteite. Slegs een geval waarvan ek weet is na die rektor verwys, en dit nadat studente dit onder die toesighoudende dosent se aandag gebring het.

Die owerheid behoort beslis meer aandag te gee aan die ernstige saak. Eksamenlokale is dikwels oorvol en vir die toesighoudende dosent is dit 'n gans onmoontlike taak en daarby maar 'n bra vervelige een; sommige dosente tuur die heeltyd na buite terwyl andere hulself besig hou met lees- of nasienwerk. Intussen is sekere studente besig om hul graad/diploma te behaal deur sulke ondergrondse slinkse metodes.

Die metode is ook al ver ontwikkel. Naas die ou metode van afkyk, op 'n ander se werk of van notas is daar die meer „professionele" metode. Dit is om sekere spotvrae in verskillende toetsboeke te doen, en aan die einde van die eksamensessie word die boek/e waarin die gevraagde vrae gedoen is, uitgehaal en oorhandig. So 'n student slaag gewoonlik baie goed, maar weet niks van die betrokke vak nie of in elk geval bitter weinig want studie is nie meer noodsaaklik nie. Sulke studente hoort nie hier nie, hulle soek net „papiere" om later „groot geld te slaan".

Hierdie dinge gebeur op ons Christelike universiteit. Wat is die Christen se taak hieromtrent? Beslis nie 'n traak-my-nie-agtige houding, maar 'n besliste sterk afkeer daarin. En dit moet ook nie daar bly nie — lees gerus Rom. 1 : 32. Dosent-student en owerheid moet saamstaan om hierdie euwel uit te roei — al is dit tot die vernedering van 'n mede-student. Dit gaan immers om die eer van ons universiteit en om die eer van God.

Beter samewerking behoort tussen student en dosent te bestaan, nie alleen wat hierdie aspek van die eksamensituasie betref nie, maar ook die probleem van lawaai in sekere lokale, geleë langs die oprigting van nuwe geboue.

„Anti-krip".

# Studente mag politiseer

**STUDENTE moet die reg hê om aan partypolitiek deel te neem deur middel van die erkende politieke partye. Hy veroordeel egter saam met die Van Wyk de Vries-kommissie ongeorganiseerde politieke bedrywighede.**

Só het mnr. Louis le Grange, adjunk-minister van binnelandse sake en inligting, op 'n vergadering voor 'n studentegehoor op Stellenbosch gesê.

### CURTIS

Mnr. Le Grange meen dat owerheidsgesag deur almal erken moet word, ongeag of elke groep of individu nou deel gehad het in die daarstelling van gesag, al dan nie. Hieruit volg dit dat studente hulle ook aan owerheidsgesag moet onderwerp. Mnr. Le Grange het verwys na studente wat hulle kwaadwillig sou verset het teen hierdie gesag en daardeur die owerheid teen hulle laat draai het. Sommige het in die tronk beland: ander is uit die land gesit en ander het dit raadsaam geag om te vlug. Hy het Neville Curtis, president van Nusas in 1970, as voorbeeld gebruik. Hierdie student van die Universiteit van Kaapstad het op verskeie oorsese konferensies 'n wapenverbod, verskerping van sanksies en die verbreking van sportbande met Suid-Afrika bepleit.

### BEVRYDING

Hy het gewys op die uitdagende standpunte van Nusas wat aan die lig gebring is deur die Schlebusch-kommissie en as voorbeeld genoem een van die lede se uitlating kort gelede in Dar-es-Salaam dat Nusas sy deel gedoen het in die bevrydingsbeweging in Suid-Afrika. Nusas het ook geassosieer met Swapo en hul simpatie met die vryheidsvegters betuig.

Mnr. Le Grange het ook kortliks die aanbeveling van die Van Wyk de Vries-kommissie geskets. Hierdie kommissie sien die student eerstens as landsburger wat kan staatmaak op sy regte, maar hom ook onderwerp aan die pligte van elke burger. Tweedens sien die kommissie die student as student wat hom uitsluitlik besig hou met die bestudering van wetenskap. Enige politieke deelname, van watter aard ook al, sal dus ongewens wees.

Mnr. Le Grange verskil in hierdie opsig. Studente moet opgelei word in die politiek en geleentheid moet daarvoor geskep word. Daarom staan mnr. Le Grange dit voor dat studente deel vorm van erkende politieke organisasies terwyl hulle op universiteit is, maar hulle daarvan weerhou om deel te hê aan ondermynende organisasies en groepe.

*(Erkenning aan Die Matie.)*

# KOSMIESE STRALE: SOMS MISKEN

**GOULOMB het reeds in 1785 in 'n publikasie meegedeel dat elektriese lading op 'n geïsoleerde bal stadig weglek. Met verloop van die jare is dan ook gepoog om dit te verklaar.**

Wilson bewys later dat die lading inderdaad deur die lug weglek. Met die ontdekking van radio-aktiewe strale het die gedagte ontstaan dat die strale die lug geleidend maak deur ionisasie en die lading so weglek.

In 1912 bewys Hess egter dat dit egter baie deurdringende strale van buite die aarde se atmosfeer, uit die kosmos afkomstig, wat vir die verskynsel verantwoordelik is. So het die gebied van kosmiese strale na vore gekom wat steeds toenemende aandag geniet.

Kosmiese strale is dan deeltjies, oorheersend positief gelaai met energie groter as radio-aktiewe energie en hulle oorsprong buite die aarde het.

Primêre kosmiese strale bestaan hoofsaaklik uit atoomkerne wat gestroop is van hulle elektrone. Sowat een uit 'n duisend tot tienduisend van die atoomkerne is anti-kerne wat op die voorkoms van anti-materie in die kosmos dui.

Protone is dus die oorheersende komponent met ongeveer vyftien persent elektrone. Dit word gevolg deur heluim en die swaarder kerne soos op die aarde bekend.

Onderskeid moet ook gemaak word tussen galaktriese en solêre kosmiese strale. Eersgenoemde is afkomstig vanaf stergroepe buite ons sonnestelsel en laasgenoemde van die son. Daar word veral aan eersgenoemde aandag gegee.

Die intensiteit van kosmiese strale, m.a.w. die sterkte waarmee dit die aarde bereik, neem af vanaf die pole na die ewenaar. Die aarde se magneetveld buig die positiewe deeltjies sterk af by die ewenaar terwyl dit by die pole nie gebeur nie. Daar beweeg die primêre straling langs die magneetveldlyne in na die oppervlakte. Dit is dan gewens om in die gebied metings te doen.

Die mees waarskynlike bron van kosmiese strale is pulsare hoewel supernova's nie uitgesluit word nie. Trouens, laasgenoemde word geag as die bron van die swaar element wat op aarde, in die son en elders in die kosmos gevind word.

'n Pulsar is beter bekend as 'n neutronster. So 'n son is uitgebrand en het reeds afgekoel nadat dit deur verskeie stadia gegaan het. Dit het 'n geweldige hoë digtheid en roteer baie vinnig sodat aan deeltjies soos die magneetveld saam roteer ontsaglike hoë energie gegee word.

Die son beïnvloed die intensiteit van kosmiese strale. Warm gas ontsnap voortdurend uit die swaartekragveld van die son. Dit beweeg dan teen ongeveer 500 km per sekonde ver verby die aarde. Dit staan ook bekend as die sonwind. Omdat dit 'n plasma is, m.a.w. in geheel geïoniseer, kan dit nie die aarde se veldlyne kruis nie. 'n Holte word dus deur die aarde in die sonwind gemaak bekend as die magnetosfeer. Die interplanêre magneetveld buig die minder energieke deeltjies dan terug na die ruimte.

Die aktiwiteit van die son wissel met 'n periode van elf jaar. Daar is gevind dat die intensiteit van kosmiese strale teen fasig varieer. Met minimum sonaktiwiteit en dus 'n besadigde sonwind soos die geval in 1976 sal wees sal die intensiteit van kosmiese strale dus 'n maksimum wees.

Die intensiteit wissel dus elfjarig. Verder kom daar ook 27-daagse en daaglikse variasies voor soos die son roteer en uitbarstings voorkom.

Kosmiese strale hoef nie bo die atmosfeer gemeet te word om die tydsvariasies te bepaal nie, maar wel deur gereelde breedtegraad-opnames by seevlak en noukeuriger op vlieghoogtes te doen. Dit kan gerieflliker bestudeer word deur vaste detektore sogenaamde neutronmonitors. Dit word dan ook by die plaaslike Fisika-departement by die Magnetiese Observatorium te Hermanus en in die Suid-Afrikaanse Antartiese basis te Sanae op die Antartiese kontinent gedoen.

Die vraag ontstaan watter rol kosmiese strale speel in die bestaan van die mens. Dit is bekend dat as 'n verandering in die rangskikking van nukloetiedes in 'n BNS molekule voorkom, 'n mutasie tot gevolg kan wees. Die genetiese materiaal kan verander word weens die blootstelling aan kosmiese strale, radio-aktiwiteit en sekere chemikalieë. Volgens bioloë is 'n hoë mutasie ongewens.

Die aarde se atmosfeer en magneetveld speel dus 'n uiters belangrike rol in die menslike bestaan. Nie net word die ultravioletstrale afgeskerm nie, maar ook meteoriete en kosmiese strale. Tesame met die magneetveld wat die stadig bewegende kosmiese strale deflekteer word die genetiese mutasie tempo van lewe op 'n redelike lae vlak gehou.

'n Mens kan dus beswaarlik uitsluitsel kry oor die rol van kosmiese strale in die menslike bestaan.

# Stuurs en knorrig

**GEAGTE REDAKTEUR, — Boeke is 'n mens se vriende. Tog jammer dit word so onaangenaam gemaak om met genoemde vriende te verkeer.**

Ek verwys na die dames by die lenerstoonbank in die biblioteek. Sonder veel omhaal van woorde wil ek hulle beskryf as stuurs, onbehulpsaam, knorrig en onvriendelik. Met een of twee welkome uitsonderinge.

Ek is nie onrealisties nie. Ek verwag nie dat hulle dag na dag stralend van medemenslike liefde en handewringend van behulpsaamheid agter die toonbanke moet ronddraf nie. Wat ek wel verwag, en waarop ek met hierdie skrywe aandring, is die basiese wellewendheid wat een mens in sy omgang met 'n ander gebruik. Te meer omdat hierdie dames in 'n openbare betrekking staan en voortdurend met mense skakel.

Ek meen dit is nie onbillik om te verwag dat jou navrae beantwoord word nie. Soos sake nou staan, word jy fronsend en in die mees spaarsame woordgebruik wegbeduie katalogus toe. Traak hulle ten een male nie of die inligting in die katalogus juis jou probleem is nie. Sou hulle só vermoeid na liggaam en gees wees dat selfs die paar treë tussen die toonbank en die katalogus fisiek onmoontlik is?

Ek het al 'n yslike skuldgevoel ontwikkel oor die klokkie by die toonbank vir gereserveerde werke. Die „diens" wat die lui van die klokkie oplewer is so sprekend van moeite en verdriet dat ek my skaam oor my blatante aanmatiging om enigsins die klokkie aan te raak.

Vra jy na die lys van gereserveerde werke, word dit met soveel vertoon van gelate verdraagsaamheid uitgehaal dat jy maar liewer sonder die nodige inligting wil bly.

As dit verbode is om in die biblioteek te rook, moet dit ten minste op 'n paar kennisgewingborde aangedui word. Ek is my nie bewus van een so 'n bord nie. Tog moes ek — en 'n groot deel van die biblioteek — aanhoor hoe 'n manstudent wat gerook het in 'n onbeskofte stemtoon geskrobbeer is: „As die biblioteek aan die brand slaan is jy die eerste om weg te hardloop". Is dit die soort optrede en kinderagtige beskuldigings wat 'n mens van 'n opgeleide personeellid kan verwag? Ek moet byvoeg: die stem het aan 'n man behoort.

Ek wil voorstel dat basiese onderrig in die eerste beginsels van skakelkunde by die kursus B.A. Biblioteekkunde ingesluit word. En miskien bietjie klem op die feit dat die gebruiker van die biblioteek nie maar nóg 'n boek op 'n rak is nie.

— J. L. Wierenga.

# MASSAVERGADERING

Maandagaand 4 Augustus
19h30.
Frans du Toit.
SR-VERKIESING, HARE, STRUKTUURVERANDERING.

Die Nasionale Studenteredakteurskonferensie, 'n ASPU-projek, is vanaf 13 tot 14 Junie deur die Universiteit van Pretoria aangebied. Voor v.l.n.r.: H. Kotzè (voorsitter), D. Pieterse en A. Jooste. Agter: C. Nel, N. Swart, M. Gilbert, J. Hamman, R. Buitendag en D. de Villiers.



# REDAKTEURS SKAKEL GOED OP TUKKIES

**TYDENS die Nasionale Studenteredakteurskonferensies wat op 13 en 14 Junie op U.P. aangebied is, het skakeling tussen dertien kampusblaaie plaasgevind wat grootliks as sinvol en suksesvol deur die redakteurs bestempel is.**

Wat nuusuitruiling betref, is gevoel dat 'n amptelike struktuur op hierdie stadium waarskynlik onsuksesvol sal wees, hoewel die moontlikheid dat amptelike skakeling deur middel van die A.S.B. en NUSAS deure in die toekoms sou kon oopmaak oorweeg is.

Uitruil van die studentepublikasie, foto's en artikels sal egter op 'n ad hoc-vlak onderneem word.

PERSKODE

Die Perskode is bespreek, en die konferensie het gemeen dat die studentekoerante, indien hy norme in 'n perskode vervat onderskryf, daardie norme in elk geval sal probeer handhaaf sonder om amptelik aan die kode gebind te word.

Daar is ervaar dat die aard van studentekoerante sodanig wissel dat die veld die aard van die nuus en van die objektiwiteit nie afgebaken kan word nie, hetsy plaaslik, nasionaal of internasionaal.

Kennis oor bladuitleg en die wyses van nuusinwinning is uitgeruil en die finansiële aspek by die uitgee van 'n koerant is ondersoek. Die Universiteite van Kaapstad en Witwatersrand druk en finansier hulle publikasies self, terwyl die ander meestal op hul Studenteraad en advertensiewerwing aangewys is.

Dit was vir die redakteurs belangrik om 'n goeie verhouding met die dagpers te handhaaf en sodoende die uitdra van die Universiteit en sy blad se goeie naam te bevorder.

Die teenwoordige kampusse het aan die hand van referate bespreking gevoer, en het in 'n gees van wedersydse simpatie en samewerking verloop.

Die moontlikheid vir die aanbieding van 'n soortgelyke konferensie in 1976 sal deur die Universiteit van die O.V.S. ondersoek word.

Afgevaardigers tydens die redakteurskonferensie aangebied op Tukkies kampus.



# Jode nooi navorser

**MNR. H. R. LASS (46), navorser by die Sentrum vir Internasionale Politiek aan die P.U. vir C.H.O. en 'n deskundige op die gebied van strategiese studies, is een van die Suid-Afrikaanse uitgenooides om 'n internasionale simposium oor die militêre aspekte van die Joods-Arabiese-geskil, wat van 12 tot 17 Oktober in Tel Aviv, Israel, gehou word, by te woon.**

Die voorsitter van die reëlingskomitee van dié simposium, is genl. Chaim Hertzog, gewese hoof van Israel se Inligtingsdiens.

Temas wat op dié simposium aangeraak sal word, is: Grootmoondheidswedywering in die Midde-Ooste; Militêre magsewewig in die Midde-Ooste ná die Joom Kippoeroorlog en 'n algemene waardebepaling van die Joom Kippoeroorlog.

Mnr. Lass, een van die min Suid-Afrikaners wat lid van die gesaghebbende International Institute for Strategic Studies (IISS) is, beoog om vóór dié simposium, eers 'n konferensie oor Seemagte van die IISS in Ronneby, Swede, by te woon. Hy sal onderweg ook institute vir strategiese studies in Engeland, Nederland en Wes-Duitsland besoek.

Volgens mnr. Laas is hierdie 'n studietoer en dien dit as aanvulling vir sy doktorstudie oor indirekte strategie. Mnr. Lass doen veral noukeurige navorsing oor die indirekte strategie van die Rooi Sjinese.

Mnr. Lass het ook onlangs 'n boek oor rewolusionêre oorlogvoering uitgegee waarin Mao Tse-tung, Vo Nguyen Giap en Ché Guevara as die grondleggers daarvan behandel word. Dié boek is by die Sentrum vir Internasionale Politiek teen R2,50 verkrygbaar.

# WEN VET PRYSE

**ONDER die beskerming van ASPU word daar vanjaar 'n fotokompetisie vir alle ASPU-geaffilieerde koerante aangebied. Die doel van die kompetisie is om**

**a) fotografie onder studente aan te moedig;**

**b) die gehalte van foto's in studentekoerante verder te verbeter.**

**REëLS**

- **Daar sal twee afdelings wees, nl. kleur en swart en wit, wat sal meeding om agt pryse, vier vir elke afdeling.**
- **Foto's moet nie kleiner as 50 mm x 80 mm wees nie.**
- **Die twee afdelings sal in groepe verdeel word, nl.:**
  - **a) sport;**
  - **b) jool/karnaval;**
  - **c) inburgering/ontgroening/verwelkoming;**
  - **d) kunsfotografie.**
- **Die inskrywingsgeld per foto sal vyftig sent bedra en betaal word aan Die HeRAUt, Posbus 524, Johannesburg, 2000.**

# UPPIE LEI TOER

DIE nasionale buitelandse toer van die ASB na Europa vind vanjaar vanaf 29 November tot 29 Desember plaas. Uppies sal vir die eerste keer aan die toer meedoen en die onder-voorsitter van die Studenteraad, Kobus Delport is die toerleier.

Die totale toerprys is R880 per persoon. 'n Deposito van R80 is betaalbaar voor September 1975 en die balans van die toerprys moet voor 25 Oktober 1975 betaal word.

Die toer spring weg in Brussel, België en eindig in Londen. Verder word ook Holland, Duitsland, Oostenryk, Italië, Frankryk, Switzerland en Engeland besoek.

# PUK SE EKONOME OP PAD TERUG

**„ONS moet die Ekonomiese Vereniging teruglei na dit waarvoor die Vereniging staan", was die woorde van een van die sprekers op 'n algemene ledevergadering van die Vereniging. Hy het voortgegaan „indien die Vereniging nie aan sy doelstellings kan beantwoord nie, die enigste uitweg ontbinding is". Die spreker het die algemene indruk gelaat dat daar niks in die Vereniging gedoen word nie.**

Die stelling het mens onwillekeurig na die notules van vorige bestuurs- sowel as ledevergaderings laat gryp, om bevestiging van die stellings te kry, of feite wat dit kan verwerp.

Aan die begin van die termyn is daar op entoesiastiese wyse 'n jaarprogram opgestel wat daarop gemik was om lede met die praktyk in aanraking te bring asook om gevoel van samehorigheid in die geledere van die Vereniging te bewerkstellig.

DETENTE

In die gees van détente is briewe aan Tukkies gestuur met die oog op kontak. Briewe is gestuur aan fabrieke met die oog daarop om besoek aan die instansies te bring.

Waarom het die lede niks hiervan sien kom nie. Is dit laksheid van die bestuur se kant? Die antwoord: Niemand kan Tukkies dwing om te antwoord nie, dog minder kan die Voorsitter of die President keer dat Sasol ontplof!

Op ledevergaderings gaan die Ekonomiese Vereniging ook gebuk onder die algemene las van belangeloosheid van lede. Niemand besef dat dit met soveel moeite aangebied word as enige ander aksie.

SKAKELING

Die Vereniging het onlangs by die Ekonomiese Vereniging van S.A. aangesluit wat om die eerste studenteorganisasie maak om by die professionele mense in te skakel. Die vergaderings van die Wes-Transvaalse tak van die Ekonomiese Vereniging kan nou deur enige van ons lede bygewoon word.

Die Vereniging se lidmaatskap aan dié Internasionale Vereniging van Handel en Ekonomiese studente (AIESEC) plaas ons self in die geselskap van 45 verskillende lande. Die bestuur woon gereeld die vergaderings van (AIESEC) S.A. by. Daar het ons kontak met 12 universiteite in S.A.

Gedurende die Julie vakansie het ongeveer 20 lede van die Ekonomiese Vereniging die 9e Internasionale Handelskongres van AIESEC op Stellenbosch bygewoon. Met sprekers uit Suid-Afrika, Lesotho en selfs Israel wat die Interafhanklikheid van state in Suiderlike Afrika bespreek het, was dit baie leersaam en aktueel.

Die bestuur is wel deeglik bedrywig. Dit rus nou op die lede van hierdie vereniging om te bewys dat die pogings van die bestuur wel in hulle smaak val.

Staan die argument van die spreker by die ledevergadering nog op sulke stewige bene soos hy wou voorgee?

Op hierdie stadium staan dit al op wankelrige bene, maar teen die einde van die semester sal dit moontlik op gebreekte bene, indien die lede opruk na die aksies soos verwag word.

# WITS SE VERLEDE WYS IN INLOOP

'N Fliek, „WITS — the Story of a South African University," word op Vrydag 1 Augustus om 17h30 uur in die 20th Century, Potchefstroom, vertoon.

Die film is vrygestel ter viering van die vyftigste bestaansjaar van die Universiteit van die Witwatersrand.

Oorspronklik is die film vir akademiese doeleindes vervaardig. Dit het soveel byval gevind dat dit deur Kinekor dwarsdeur Suid-Afrika as kommersiële film versprei word.

Die film is vervaardig deur Pete Collins. Sy vorige film wat gehandel het oor die lewe en werk van die Universiteit het 'n toekenning by die Internasionale Filmfees in Chicago in 1971 ontvang. Die nuwe film het twee jaar geneem om te voltooi.

Die film draai 90 minute lank en handel oor die Suid-Afrikaanse geskiedenis vanaf 1896 tot 1972, veral die groei en ontwikkeling van Johannesburg en Kimberley.



Die Genootskap van Universitêre Natuurwetenskaplike Studente van Suidelike Afrika het gedurende die vakansie 'n veelrassige winterskool op die Puk gehou. Hier is die afgevaardigdes voor die Totiussaal afgeneem. (Foto: Fotokuns.)

# Aktuele jare vergader

**TYDENS 'n Eerstejaarsvergadering gehou op 21 Junie 1975 is Willem Vogel en Amy du Preez gekies as voorsitter en sekretaresse. Die onderwerp van bespreking was die vlugskrif wat deur POPS uitgegee is: POPS 75/3.**

Eers het die bespreking los en vas verloop en is daar baie rondgespring, maar die voorsitter vra orde en die vlugskrif word puntsgewys afgehandel.

Oor die vraag of die vlugskrif wel deur POPS uitgegee is, bestaan daar heelwat twyfel. Daar word die volgende sake genoem: POPS se vorige vlugskrifte was nie so beledigend geskryf nie, maar daar word genoem dat in gedagte gehou word dat POPS intussen 'n nederlaag gelei het.

Die volgende saak wat behandel word is die kwessie of ons deur die kamp geïndoktrineer word. Die vergadering besluit dat dit nie die geval is nie, want ons is reeds die vorige aand — Vrydagaand 20 Junie — toegelaat om ons menings te lug en waar ons met die SR se standpunt verskil het is die saak deeglik bespreek en die eerstejaars het gevind dat die SR oop was vir oortuiging.

Die eerstejaars wat die kamp bygewoon het, het dit ook uit eie vrye wil gedoen en is nie summier daarin gedwing nie.

Motiewe: Die vergadering verwerp POPS se stelling dat ons gekom het om te kruip. Ons tender ook nie vir SR nie want dit sal buitendien nie gehelp het as ons met daardie doel gekom het nie, want die huidige SR is teen 1978 nie meer op die kampus nie.

KAMPOPSET

Wat die kampopset betref, die skeiding tussen die geslagte se tente, beskou die vergadering dit nie as Victoriaans nie en ook nie as outyds nie — die vergadering sien dit as 'n beginselsaak en voel dat dit in elk geval beter is om versoeking te vermy. Bogenoemde is ook waar wat die koshuisopset betref en hier speel gerieflikheid ook 'n groot rol.

Die volgende redes is gegee op die vraag waarom ons die kamp bygewoon het en wat ons reeds gebaat het by die kamp:

1. Op koshuisvergaderings het ons nie 'n spreekbeurt nie en dan moet jy maar opkrop alles wat jou pla, terwyl jy hier jou sê kan sê — alles kan uitvra i.v.m. die dinge waaroor jy tot dusver nog nie duidelikheid gehad het nie en wat jou grief. Die SR is gewillig om te help en probeer jou gelukkig maak op die Puk.
2. Ons het die verskillende kanale waarvan ons gebruik kan maak leer ken en weet ook nou beter by watter liggame jy bevrediging vir jou belangstellings kan gaan soek.
3. Omdat ons nou meer inligting het oor die verkiesingstelsel en funksionering van die SR en hoofliggame het dit ons meer betrokke gemaak.
4. Deur inligting en kennis van jou Alma Mater kom lojaliteit!

POSITIEWE BYDRAES

a. Ons sal na die kamp probeer om deur ons vertellings en optrede ook ons maats meer betrokke te maak.
b. Ons sal voorstelle indien i.v.m. aangeleenthede wat ons voel verbeter kan word.
c. Omdat ons nou weet hoe die SR en hoofliggame funksioneer sal almal stemreg probeer verkry.
d. Opvolgingswerk sal beslis gedoen word!

'n Mosie van vertroue in die SR word ingedien en aanvaar. Die vergadering verdaag vir groepbesprekings.

# VOORSITTER SIT NIE MEER VOOR

JOHAN VAN WYK, reeds aangewese karnavalvoorsitter vir 1976, se benoeming moes op 'n onlangse studentevergadering nietig verklaar word, omdat sy benoeming teen die Reglement van die studenteraad was.

Volgens die Reglement moet die volgende studenteraad die karnavalvoorsitter aanwys en nie die huidige een nie, soos wat nou gebeur het. Die benoemingsprosedure met die benoeming van mnr. Van Wyk het ook nie volgens reglement geskied nie. Kragtens reglement moet daar 'n voorsteller en vyf sekondante wees. Net mnr. George Lotter het mnr. Van Wyk voorgestel. Daar was geen sekondante nie.

# SKURF!

DIE Raad van UPE het verskeie klagtes van buite-instansies en ander persone ontvang dat STUPED 1975 pornografiese materiaal bevat.

Die redakteur van STUPED, mnr. Riël du Toit, het aan UPEN gesê dat hy nie die aantygings kan verstaan nie en die sin daarin sien nie en dat die hele aangeleentheid hom baie ongelukkig stem.

# BLAD VAN DIE BAAN

DIE beoogde blad wat een van Suid-Afrika se grootste Afrikaanse oggendkoerante, die Transvaler, een keer per week aan die Puk wou afstaan, is van die baan.

Volgens 'n woordvoerder van die Transvaler sal dit nie winsgewend genoeg wees nie.

Daar was ook sprake dat Perskor, uitgewers van die Transvaler, Vaderland en ander koerante, 'n donkerkamer vir die kommunikasiekundestudente sou toerus. Die donkerkamer staan al gereed maar kort net die nodige toerusting. Perskor sal later vandeesmaand of vroeg volgende maand 'n finale besluit neem.

# DRIE DAMES OORHEERS A.S.P.U.

DIE emansipasie van die vrou het tot volle uiting gekom toe drie dames van die Puk die onlangse samesprekings van ASPU op RAU bygewoon het.

Die Afrikaanse Studente Persunie is geaffilieer by ASB en bespreek probleme aangaande beriggewing in studentekoerante.

Die byeenkoms is bygewoon deur afgevaardigdes van RAU, KOVSIES, N.K.P., TUKKIES, Goudstad, POK en PUK.

Op die vergadering is besluit dat die volgende ASPU konferensie op 12 en 13 September deur die POTE en PUK aangebied sal word.

# INTERNASIONALE VEELRASSIGE KONFERENSIE

**SOWAT 50 buitelandse instansies uit minstens sewentien lande wat strek van Nigerië tot Korea, sal vanaf 9 tot 13 September vanjaar die internasionale konferensie oor Christelike Hoër Onderwys op die Puk bywoon.**

Volgens 'n woordvoerder van die reëlingskomitee is hierdie konferensie nie aan 'n spesifieke kerkverband gebind nie, maar is dit 'n wêreldbyeenkoms van gereformeerdes.

VEELRASSIG

Dit sal ook 'n veelrassige konferensie wees. Swart gereformeerde kerklikes uit Rhodesië, Malawi, Zambië, Kenia en Nigerië het reeds die jawoord gegee.

Gereformeerde institute in Japan, Korea en Indonesië stuur ook afgevaardigdes na die konferensie. Ná die konferensie sal prof. dr. Kun Sam Lee, dosent in teologie aan die Koryo Teologiese Seminaar in Korea, drie maande lank as gas van die Puk 'n studie van die Christelike universiteitstelsel maak.

Twaalf gereformeerdes van die Vrije Universiteit sal ook die konferensie bywoon. Dit ten spyt van die terugtrekking van die amptelike uitnodiging aan die Vrije Universiteit wat deur die insluiting van dr. Beyers Naudé, direkteur van die Christelike Instituut, as lid van hul afvaardiging, klaarblyklik politieke motiewe gehad het.

Ná die amptelike opening deur prof. H. J. J. Bingle, rektor van die P.U. vir C.H.O., sal 37 sprekers referate oor onderwerpe soos die Christelike instelling, Christelike onderwys en samewerking tussen Christelike instansies lewer.

KLASSE

Volgens dr. Van der Walt is onderhandelings nou aan die gang om Pukke gedurende klastyd die geleentheid te gee om van die vergaderings by te woon. Volgens dr. Van der Walt sal die vrystelling van klasse by elke departementshoof berus. Daar sal dus nie 'n algemene vrystelling van klasse wees nie.

# Simposium

SES uitgelese sprekers sal vanjaar op die jaarlikse simposium van die Sentrum vir Internasionale Politiek wat op 22 Augustus hier gehou word, referate oor die strategiese aspekte van die huidige wêreldpolitiek lewer.

Luit.-genl. Magnus Malan, hoof van die Leër, behoort een van die groot trekpleisters te wees. Genl. Malan sal oor Suid-Afrika se militêre weerbaarheid in die huidige tydsgewrig praat.

BEKENDE

'n Bekende aan die Puk, prof. Werner Pfeifenberger van die Universiteit van Münster, Wes-Duitsland, sal ook een van die sprekers wees. Prof. Pfeifenberger sal tot aan die einde van September as gas van Departemente Internasionale Politiek en Staatsleer aanbly.

Ander bekende sprekers is generaal J. H. Robbertze, direkteur van strategiese studie van die Weermag, mnr. D. F. S. Fourie, senior lektor in Staatsleer aan UNISA, kommandeur G. Nieuwoudt van die Vloot en prof. H. J. Samuels, voorsitter van die Krygstuigontwikkelingskorporasie.



Van die moeiliker maniere om vakansie te hou. Met rugsak en stewels teen steil bulte uit, kan mens dit net so geniet as 'n lui gelê in die bleek winterson.



Mnr. A. R. Hough, besturende direkteur van Total Suid-Afrika.

# BRANDSTOFKRIS S NOG NIE VERBY — KENNER

**„ALHOEWEL die gedeeltelike beëindiging van die huidige brandstof-embargo 'n politieke proses was, en nie 'n ekonomiese een nie, wonder ons tog almal hoeveel skade die brandstofkrisis nog aan die ekonomieë van nasies gaan aanrig."**

Só het mnr. A. R. Hough, besturende direkteur van Total Suid-Afrika, op 'n byeenkoms van die Sentrum vir Internasionale Politiek aan die P.U. vir C.H.O. gesê.

Mnr. Hough, wat oor die Midde-Ooste as hoofbron van die wêreld se olievoorsiening en die mag van die oliewapen gepraat het, het gesê dat enige regering se plig ten opsigte van energie taamlik ooglopend is.

„Daar moet genoegsame energie wees om noodsaaklike openbare dienste te handhaaf. Die beskikbaarheid van alle vorme van energie aan die nywerheid moet maksimaal aangewend word. Om dadelik 'n strategie te ontwikkel om 'n genoegsame energievloei vir die toekoms te verseker. Daar is 'n behoefte vir 'n basiese hersiening van die wêreld se energiebeleid", het mnr. Hough in dié verband gesê.

### TEKORT

Volgens mnr. Hough moet die brandstoftekort (energiekrisis) teen die agtergrond van ingewikkelde internasionale meganisme van die petroleumbedryf gesien word, wat oor baie jare fyn bereken en beproef is. Hierdie toestand word nog moeiliker as mens die internasionale vraag- en aanbodtoestand in ag neem.

In 1973 het die Midde-Ooste 1 061,1 miljoen metrieke ton olie geproduseer wat 37,5 persent van die internasionale produksie is. Amerika, wat die helfte minder geproduseer het (513,1 miljoen metrieke ton — 18,1 persent van die totale produksie), het egter vir dieselfde periode vyf keer meer geraffineerde produkte as die Midde-Ooste gebruik.

In syfers gestel lyk dit soos volg: Geraffineerde produkte: verbruik: V.S.A. 814,7 miljoen metrieke ton; Midde-Ooste 71,2 miljoen metrieke ton.

### VERBRUIK

Terwyl die Midde-Ooste dus in 1973 37,5 persent van die wêreld se olie geproduseer het, het hy net 2,6 persent van die wêreldtotaal se geraffineerde produkte verbruik. Ofskoon Amerika weer die helfte minder olie geproduseer het, het hy 29,5 persent van die geraffineerde produk verbruik.

„Die afleiding wat mens dus kan maak, is dat die Midde-Ooste die belangrikste oliebron van die wêreld is en oor 62,4 persent van die wêreld se oliereserwes beskik. Wat egter ontstellend is, is dat die Midde-Ooste vandag 47,4 persent van die wêreld se olie produseer en net 4,4 persent van die wêreld se olie gebruik", aldus mnr. Hough.

### TOENEEM

Mnr. Hough het ook gesê dat die wêreldvraag na energie drasties sal toeneem, hoofsaaklik vanweë ekonomiese groei van nywerheids- sowel as onderontwikkelde lande. Die totale wêreldvraag na energie sal vanaf vyf biljoen ton in 1970 na tien biljoen ton in 1985 en na twintig biljoen ton in die jaar 2 000 styg. Die totale olieopbrengs vir die volgende vyftien jaar sal meer wees as die totale olieverbruik sedert die geboorte van Christus.

Volgens mnr. Hough moet mens ook aanvaar dat ru-olie tot en met 1985 'n toenemende rol in energieverskaffing sal speel. Tussen 1985 en 2000 is dit noodsaaklik dat kernkrag as energiebron sy inslag moet kry.

### KOMMUNISTE

Die vrees dat die Midde-Ooste onder Kommunistiese invloed olie as politieke wapen kan gebruik, het mnr. Hugo ook die nek ingeslaan. Volgens mnr. Hough is die meeste van die inwoners van die Midde-Oosterse olielande Moslems wat geen simpatie vir die Kommunisme het nie. Die enigste van die olielande wat goeie bande met Rusland het, is die sosialistiese Irak. Selfs Saoedi-Arabië, die wêreld se grootste uitvoerder van olie, is sterk onder Amerikaanse invloed. Israel is die enigste hindernis tussen die Arabiere en die Weste.

### VERLIESE

Mnr. Hough het ook gesê dat die nasionalisering van olievelde deur Midde-Oosterse state die Westerse oliemaatskappye van baie mag en geld beroof het en dat dié verliese in die toekoms groter afmetings gaan afneem. Volgens mnr. Hough moet die Westerse oliemaatskappye voortgaan om hul belangrike rol in die nasionale en internasionale ekonomiese en politieke strukture te speel.

### OPLOSSINGS

Mnr. Hough het ook gemaan dat daar oplossings vir die probleme van die toekoms gevind moet word. „Daarom moet ons waardering uitspreek vir die waardevolle werk wat deur wetenskaplikes in die rigting van kernkrag, waterkrag, sonenergie, steenkool-chemie en dies meer, gedoen word", aldus mnr. Hough.

# Unieke toere vir Pukke

**DIE departement Ontwikkeling het 'n blink voorstel uitgewerk in medewerking met 'n bekende skeepsredery en toeronderneming, Chandris, wat aan studente en oudstudente, asook personeellede van die P.U. die geleentheid bied om die wêreld goedkoop te sien.**

'n Kenmerk van die toere is hul uniekheid, beide wat reisplan en koste betref. Die organiseerders beplan een akademiese toer per jaar, om mee te begin. Die reisplan is uiteenlopend en daar is min Suid-Afrikaners wat u sal kan troef met „o, ek was al daar" Rusland, Finland, Indië, Nepal, Egipte, Afghanistan, Iran, ensomeer.

Die pryse is die laags moontlike affiniteitsgroeptariewe. Die geselskap is uitgesoek: ordentlike, avontuurlustige, arm Pukke soos uself.

Die eerste spesiale toer vind al in Desember 1975 plaas, en maak deure oop na wêrelddele wat tot dusver vir Suid-Afrikaners byna heeltemal ontoeganklik was. Daarbenewens kos die hele toer weinig meer as die prys van 'n standaard retoerkaartjie van Jan Smuts na Hong Kong, hoewel dit eersteklas hotel-akkommodasie insluit (kamers met badkamers, ontbyt en aandete) plus alle belastings, besigtigingstoere, ensovoorts.

### REISPLAN

Vertrek op 12 Desember: Blantyre, Malawi; Bombaai, Indië; Singapoer; Bangkok, Thailand; Hong Kong; Katmandu, Nepal; Delhi, Agra, Indië; en terug na Johannesburg op 4 Januarie. Die koste vir die toer is R1 080, alles ingesluit.

Hier is die geleentheid vir Pukke wat lewelank al begeer om die hoogste berg in die wêreld te sien; om uit te vind waar Siamese katte vandaan kom; om 'n Sjinese pak klere vir R16 te koop; om self uit te vind wat mnr. Kok in Thailand so die vrees op die lyf gejaag het; of die Oosterlinge se benadering werklik so dwars is soos wat algemeen berig word.

### KAT

Gaan gesels dadelik met u Pa of u bankbestuurder en laat ons weet of u kys ook saamgaan en of daar vir u 'n kat in Katmandu gereël moet word. Verdere besonderhede is by kamer 1 in die Hoofgebou beskikbaar, of telefoneer 22112 uitbreiding 235.

# RAASBEK UIT MALHUIS

**RIAAN VAN ECK van Malhuis en Callie Jacobs van Olienhout, is onderskeidelik die Kovsies se nuwe rasieleier en onderrasieleier.**

**Hoewel die manne nog nie die geleentheid gehad het om hul slag by 'n formele rasie te toon nie, heers daar klaarblyklik groot tevredenheid oor die keuse.**

# PUK SE SPORT VERSTERK

**JASPER MARTIN BUYS van Elandsheuwel, Klerksdorp, is 'n parapleeg wat 'n studiebeurs ontvang het om volgende jaar op die Puk te kom studeer.**

**Martin is tans 'n matriekleerling aan die Hoërskool Schoonspruit. Hy het 'n uitstekende sportrekord agter sy naam. In 1973 het hy aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe vir Parapleë en ander liggaamlik gestremdes in Johannesburg deelgeneem. By hierdie geleentheid het hy twee silwermedaljes, onderskeidelik vir basketbal en swem ontvang, asook 'n bronsmedalje vir die 100 meter resies in 'n rolstoel.**

**In 1974 het hy op 'n soortgelyke byeenkoms op Sasolburg 'n goue medalje ontvang vir basketbal. In dieselfde jaar op 15 April het hy Wes-Transvaalse kleure verwerf, nadat hy deelgeneem het in die senior afdeling van 'n basketbalwedstryd teen 'n besoekende Israelse span.**

**Hierdie jaar het hy weer eens deelgeneem aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe. By hierdie geleentheid het hy 'n bronsmedalje vir basbetbal verwerf. Op 25 April het hy Suid-Afrikaanse kleure ontvang en is hy gekies vir die gemengde basketbalspan wat op 18 Julie na Ayresbury, Engeland, vertrek. Die Stoke Marideville Paraplegiese Spele duur vanaf 18 Julie tot 3 Augustus. Dit is 'n internasionale byeenkoms en die span sal teen vyf ander lande meeding.**

**Op akademiese gebied presteer Martin net so goed as op die sportveld. Hy is veral wiskundig aangelê en is van plan om B.Sc. Elektrotegniek te kom studeer.**



RIEL DU TOIT

# UPE SE JOOLMAN

RIEL du Toit, 'n tweedejaar B.A.-student, is deur die studenteraad van UPE as Joolvoorsitter vir 1975/76 aangewys. Mnr. Du Toit is ook nuusredakteur van UPEN en was die redakteur van die omstrede Stuped 1975.

Hy voel dat die studente 'n meer geïntegreerde deel van die gemeenskap kan uitmaak deur deel te hê aan die proses van maatskaplike opheffing en dat die geld wat Jool insamel op hierdie manier 'n sinvoller aanwending kan hê deur dit met welsynswerk deur studente te kombineer.

# REËLS IN KODE

DIE Studenteraad van UPE het 'n besluit deurgevoer waarvolgens alle reëls en regulasies van die universiteit met betrekking tot studente in een band gekodifiseer sal word. Dit word gedoen omdat daar bevind is dat studente probleme ondervind om alle reëls te ken en selfs om die reëls op te spoor indien hulle dit nie ken nie.

SR-lede sal ook in die vervolg slegs geregtig op kleure wees indien hulle na twee weke in die nuwe akademiese jaar nog lid van die SR is. Lede wat met tussenverkiesings benoem word, moet eers 90 dae lid wees voordat hy kleurgeregtig sal wees.


**Terwyl jy vir jou studie sorg, sorg die Standard Bank vir jou.**

Studentplan is 'n sak vol finansiële skemas wat deur die Standard Bank ontwerp is om die lewe vir studente makliker en aangenamer te maak.

1. Studenteleningskema. Lenings tot R4 000 teen ongelooflike lae rentekoerse met maklike terugbetalings.
2. Gratis maandelikse ekonomiese Oorsig van die Standard Bank. Noodsaaklike leesstof vir enigeen wat in die ekonomie en die sakewêreld belangstel.
3. Stanza, spesiale versekeringspolis vir studente. Lewensdekking en beleggingsvoordele. Premies so laag as R2,80 per maand.
4. Studentespaarrekening. Geen kostes nie. Tot R100 per week kan by enigeen van ons 860 takke getrek word.
5. Tjekrekening. Alle rekenings kan per tjek of aftrekorder betaal word. 'n Nuttige statussimbool vir 'n student.
6. Plusplan-rekening. Minimumsaldo van R500, met stewige rente op daaglikse saldo bereken. Aftrekorder-fasiliteite.
7. Flexirand-beleggingsertifikate. In eenhede van so min as R100, en jy kan tot 90% van die bedrag wat jy belê het, terugleen. Jy trek hoë rente, maar die geld is nog steeds tot jou beskikking wanneer jy dit nodig het.

Daar's nog baie meer voordele aan Studentplan verbonde – te veel om hier te noem. Maak 'n draai by die naaste Standard Bank en kry 'n brosjure met volledige besonderhede.

Standard Bank

Die Standard Bank van Suid-Afrika Beperk (Geregistreerde Handelsbank)

**Op die Standard kan u staatmaak**

LINTAS SB/11737/202/A

# M_ET ONS ONS DEURE VIR ANDER OOPGOOI?

G. D. Kruger

**DIE wet op Uitbreiding van Universiteitsopleiding (nr. 45 van 1959, hierna genoem die wet), wat voorsiening gemaak het vir afsonderlike universiteitsopleiding, het nie sonder stampe of stote die lewenslig aanskou nie.**

**HISTORIES**

Reeds sedert 1953 het die saak die aandag van die Volksraad geniet, toe die Holloway-kommissie aangestel is om dit te ondersoek. Hierdie verslag is opgevolg deur 'n verslag van 'n interdepartementele komitee wat op 22 Augustus 1956 op die Volksraadstafel gedien het.

Konkrete beslag is aan die gedagte gegee toe die minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap op 8 April 1957 die eerste lesing van 'n wetsontwerp in die verband ter tafel gelê het (VW. 58- '57). Na die tweede lesing is die wetsontwerp vir ondersoek en verslag na 'n gekose komitee verwys is onder voorsitterskap van M. D. C. de Wet Nel.

Die intriges rondom die wet openbaar heelwat aangaande die volkere-verhoudingsproblematiek in ons land. Sonder om in detail daarop in te gaan verwys ek na tweërlei reaksie:

* Die universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad het reeds op 1 April 1957 die minister ontmoet en vyf besware teen die voorgestelde wetsontwerp gehuldig:

(1) Dit skend die outonomiteit van die universiteit omdat die Raad nie meer studente volgens sy eie besluit sou kon toelaat nie;

(2) Die afsonderlike universiteite sou nie binne die afsienbare toekoms dieselfde geleenthede as die sg. „oop" universiteite daar kon stel nie;

(3) Dit verbreek die S.A. universitêre tradisie omdat dit die minister volle reg gee oor die aanstelling van die hele personeel, en hom die mag gee om personeel af te dank indien hulle kritiek sou uitspreek teen enige staatsdepartement;

(4) Die naam „universiteit" word aan 'n inrigting gekoppel waar daar nog outonomiteit nog vryheid is;

(5) Dit skep 'n gevaarlike insident van staatsinmenging in universiteite.

Hierdie reaksie moet teen die volgende agtergrond gesien word: „It (die Raad van Wits) is opposed in principle to legislative enforcement of academic segregation on racial grounds. In its view the policy of academic non-segregation accords with the highest university ideals and contributes to inter-racial understanding in South Africa".

* Van die kant van mense wat die wet in beginsel onder. steun het was daar reaksie teen sekere aspekte van die beoogde wet. Die De Wet Nel-komitee het getuienis van verskillende instansies aangehoor oor die detail van die wetsontwerp. Die komitee self was verdeel en die minderheid het fundamenteel verskil van die meerderheid i.v.m. nege sake w.o.:

(1) Die outonomiteit van die universiteit (aan die komitee gestel deur SABRA).

(2) Op die raad en die senaat moes daar van die begin af mense van die bepaalde volke dien (gestel deur SABRA en die PUK). Dit teenoor die gedagte van blanke rade en senate met adviserende „nie-blanke" rade en senate (omdat blanke dosente nie onder swart rade mog dien nie).

(3) Dat die minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap verantwoordelik moet wees en nie die minister van Bantoe of Kleurlingsake nie (PUK).

**PRINSIPIEËL**

Dit is m.i. ten volle verdedigbaar dat daar eiesoortige universiteite bestaan. 'n Universiteit mag nie 'n ivoortoring wees wat sg. tydlose waarhede verkondig nie. Die universiteit staan in diens van God binne 'n bepaalde gemeenskap en eers ten tweede binne die geheel van die volke. Daarom mag die universiteit hom nie sonder meer onderwerp aan dit wat binne die bepaalde gemeenskap as normatief geld nie, maar moet hy steeds vra na wat God wil en moet hy reformerend inwerk op die gemeenskap. Gesien die veelvolkige samelewing in S.A. is dit gebiedend dat afsonderlike universiteite bestaan, want anders sou dit beteken dat die Westerse beskawing sigself verhef bo die ander en hulle nie 'n geleentheid bied om selfstandig te ontplooi nie.

Dit geld ook basies wat die Kleurling betref. Natuurlik is die situasie nie so eenvoudig nie. Die Kleurlinge leef op 'n Westerse wyse en praat boonop Afrikaans of Engels. Daarbenewens is die Kleurlinge geen homogene groep nie (sekere groepe verskil, soos dit my lyk, meer as wat die blanke Afrikaner en sekere Kleurling-Afrikaners verskil). Tog kan 'n mens sê dat daar sekere sake is, wat tipies van die Kleurlinge is, bv. die unieke gesins-samestelling. Sulke besondere sake regverdig m.i. die bestaan van die U.W.K.

MAAR:

* Staatsinmenging in universiteite (soos die wet bepaal) is prinsipieël verkeerd omdat die staat en die universiteit soewerein in eie kring is. Natuurlik is die situasie in S.A. kompleks sodat ek toegee dat die staat nie sommer kan toesien hoe die volkere-problematiek in die land deur universiteite nog meer ingewikkeld gemaak word nie. Maar diè inmenging is slegs in bepaalde (historiese) omstandighede regverdigbaar en mag 'n praktyk vir 'n bepaalde tyd wees, maar nie 'n beginsel wat vir alle tye geld nie.

* Alhoewel universiteite in 'n bepaalde gemeenskap staan, sou dit dwaas wees van hulle om nie dosente en studente uit ander gemeenskappe toe te laat nie. Die PU laat dan ook inderdaad bv. Amerikaners en Franse toe, en dit behoort ook gedoen te word vir bv. Zoeloes en nog meer vir Kleurlinge (omdat hulle kultureel en andersins baie nader aan ons staan). Die wet maak dan ook voorsiening daarvoor dat verteenwoordigers van vreemde regerings nie aan dié wet onderworpe sal wees nie. Wat die Bantoes betref, sal dit 'n heel interessante verhouding skep bv. as die Transkei volgende jaar onafhanklik word en daar diplomatieke bande gesluit word.

* Ons moet sekere van ons houdinge teenoor die swartes ook hartgrondig afleer: daar is 'n verandering van hart nodig. Solank ons die swartes en Kleurlinge vir ons eie voordeel in ons diens kan gebruik, kan hulle maar naby ons wees. Hulle kan maar oral op die PUK werk — hulle mag net nie hier studeer nie! Dié gesindheid het ook bv. op die afgelope A.S.B.-kongres na vore gekom in vrae soos: moet ons die swartes met die hand groet en hom by die voordeur innooi? Is beskaafde optrede teenoor (beskaafde) swart mense dan 'n sonde of 'n skande? Is selfverheffing nie eerder sonde nie? Sekere rassistiese oorwegings het duidelik 'n rol gespeel by die daarstel van die wet. So is daar bv. vir 'n Raad en adviserende raad voorsiening gemaak omdat 'n blanke nie onder 'n swarte mag werk nie. Die destydse rektor van die PUK, prof. J. C. Coetzee, het dit duidelik gestel dat daar geen beginselbeswaar kan wees teen die feit dat 'n blanke onder 'n swarte werk nie, net soos swartes onder blankes werk.

* Ons moet onsself nie 'n rat voor die oë draai i.v.m. die kulturele ontwikkeling in S.A. nie. Die „blanke" Suid-Afrika is só groot met so 'n uitgebreide ekonomiese stelsel dat ons nie sonder die swartes of Kleurlinge hier sal kan klaar kom nie. Die blankes sal nie in die toekoms veel meer grond aan die tuislande afstaan nie. Dit sou ekonomies selfmoord wees, omdat die swartes nie sonder ons, en ons nie sonder die swartes kan klaarkom nie. En ons moet dit aanvaar, nie slegs ekonomies nie, maar ook opvoedkundig. In plaas van vreemd te staan aan die proses moet ons hartlik daaraan deelneem en van mekaar leer wat goed is. Só kan ons individualistiese westerlinge veel baat by die gemeenskapsbesef van Afrikane, en hulle kan veel leer i.v.m. die westerse verantwoordelikheidsbesef. Die PUK kan in die kulturele beïnvloedingsproses

* Vervolg op bladsy 12

# PUKFLITSE

**SKAKELTOER**

Uit ingeligte bronne word verneem dat die studenteraad 'n suksesvolle skakeltoer na die suide onderneem het. Die universiteite van Vrystaat, Port Elizabeth, Stellenbosch en Kaapstad is besoek. Die skakeling met Ikeys was glo besonder goed.

**PLATSAK?**

PUKKE wat in in goedkoop toer na Europa belang stel, moet prof. G. N. van den Bergh van Geskiedenis skakel.

**VERKIESING**

Voornemende kandidate vir die komende S.R.-verkiesing moet so gou as moontlik hul foto's by Fotokuns laat neem en hul beleidsverklaring in gereedheid kry. Laat inskrywings sal nie gepubliseer word nie.

**MIDDE-OOSTE**

Mnr.Lino Rust, navorser by die Sentrum vir Internasionale Politiek, sal op 6 Augustus in Kamer 3 van die Frans du Toitgebou 'n referaat oor die stryd tussen Israel en die Arabiere lewer.



. . . détente is 'n natuurlike noodwendigheid, maar ons moet altyd paraat wees, of . . .

# Détente — Já: Maar paraat

**NA die oplossing van die Rhodesiese grondwetlike geskil en die Suidweskwessie, sal Suid-Afrika se ontspanningspolitiek met Afrika waarskynlik aan een belangrike vuurproef onderwerp word, naamlik, die versoening van Suid-Afrika se binnelandse beleid met die eis van Swart Afrika om 'n meerderheidsregering vir Suid-Afrika.**

Ofskoon Rhodesië en Suidwes knaend aan bogenoemde eis blootgestel word, het Afrika-leiers wat ten gunste van dialoog en ontspanning met Suid-Afrika is, nog nie uitdruklik 'n meerderheidsregering in Suid-Afrika as voorwaarde vir dètente voorgehou nie. Die algemene voorwaarde wat tot dusver gestel is, is die afskaffing van diskriminasie, rassisme, onderdrukking en die „vrylating" van Suidwes-Afrika.

Nou kom die vraag by 'n mens op: Wat gaan gebeur as Rhodesië en Suidwes finaal van Swart Afrika se agenda geskrap word? Gaan dit dan weer ons beurt wees om teen aanhoudende eise om 'n meerderheidsregering wal te gooi.

Dat hierdie eise gaan kom, is feitlik seker en omdat détente tussen Suid-Afrika en Afrika wedersyds noodsaaklik is, móét daar 'n versoeningsformule gevind word!

Vir Suid-Afrika beteken détente vrede en wedersydse samewerking. Of Afrika veel waarde aan vreedsame naasbestaan heg, is sterk te betwyfel, maar besef eerder dat geweld en konflik die vele onderontwikkelde state in Afrika in 'n groter sosio-ekonomiese gemors kan dompel as wat nou reeds die geval is. Kortom, oorlog kos geld.

Dit kom dus daarop neer dat Afrika nie te ver met sy eise om 'n meerderheidsregering kan gaan nie. Afrika besef ook die ekonomiese en tegniese voordele wat hy uit samewerking met Suid-Afrika kan put.

Bogenoemde is geen rede vir Suid-Afrika om houtgerus te raak nie. — Rooi hulp is net so goed as ons hulp. Suid-Afrika sal ook sy deel moet bydra en dis elke Suid-Afrikaner se plig om deur beter menseverhoudinge in Suid-Afrika 'n versoeningsformule te bied wanneer Afrika met sy meerderheidsregeringseise gaan kom.

Suid-Afrika is deel van Afrika (en Afrika erken dit self), daarom is dialoog en ontspanning 'n natuurlike noodwendigheid. Maar, ons moet altyd paraat wees as dit nie die eerlike bedoelings van Afrika is om détente tot wedersydse voordeel van Suid-Afrika en Afrika te help bevorder nie — daarvoor het die Regering met sy enorme verdedigingsbegroting gesorg!

# PROMPU EN PROMOSA: 'N TERUGBLIK



Mnr. S. W. du Plessis, die hoof van die Hoërskool in Promosa, in gesprek met drie van die PROMPU-lede.

**OMDAT PROMPU geen geregistreerde welsynsorganisasie is nie, geskied hierdie vorm van ontwikkelingshulp met die medewete van die Kindersorgvereniging se voltydse maatskaplike werkster in Promosa, mev. Elsa Kruger.**

Hierdie vorm van hulp het vanjaar vir die eerste keer werklik op dreef gekom, met die uitsondering van regsadvies en hulp aan drankverslaafdes. 'n Goeie werkbasis is egter gelê m.b.t. verskillende terreine van hulp. In die toekoms kan met vrug hierop voortgebou word.

Sosiale hulp is uit die aard van die saak 'n geweldig omvattende saak. Daarom is PROMPU beskeie met hierdie vorm van hulp en probeer slegs om enkele knelpunte in Promosa se gemeenskapsontwikkeling te verlig.

KLEREBANK

Die insameling van klere word georganiseer deur mej. Marieta du Plessis van Oosterhof. Sy maak gebruik van kontakpersone in elke dameskoshuis en dorp. Klere is ingesamel by koshuisinwoners. In Mei is 'n baie geslaagde insamelingsveldtog in Bailliepark geloods. Lede van die gemeenskap het mild bygedra. Korpsselle in Dameskoshuise verleen ook hulp met die insameling. Die hulp van die twee plaaslike takke van die TVLU is ook reeds verkry.

Die sosiale kontakkomitee in Promosa neem die klere in ontvangs. Onmiddellik na ontvangs, kry die Kleurlingsuster by die kliniek, mev. Pietersen, opsie op die kinderklere. Sy verskaf van hierdie kledingstukke gratis aan hulpbehoewende kindertjies van wie sy goed kennis dra. Die ander klere word by wyse van 'n verkoping aan die inwoners van Promosa beskikbaar gestel. Tydens 'n verkoping op 7 Junie is ongeveer R125 ingesamel. Dié geld word deur PROMPU gebruik vir ander projekte.

VOEDSELBANK

Korpssel Makouvlei, onder leiding van mnr. Nelis Havenga, behartig die insameling van voedsel. Voedsel wat oorskiet by universiteitsfunksies, en funksies van ander instansies in Potchefstroom, bv. die Joodse gemeenskap, word periodiek ingesamel by die betrokke plekke. Een maal per week word groente wat oorgeskiet het van een middagete by die ses eetsale van die P.U. ingesamel.

Voedsel by funksies verkry, word in samewerking met die hoof aan die Laerskool Promosa verskaf wat die items na eie goeddunke teen 'n geringe bedrag aan die kinders verkoop. Groente wat by die eetsale verkry word, word aan die Helping Hand-organisasie in Promosa verskaf, wat op hulle beurt die voedsel met oorleg slegs aan noodlydendes beskikbaar stel.

MEDIESE HULP

Hierdie deel van PROMPU se werksaamhede het die afgelope semester baie goed gevorder. Mnr. Willem van Wyk van PASV organiseer hierdie hulp in samewerking met mnr. Breytenbach, hoofgesondheidsinspekteur, en suster Pietersen by die kliniek in Promosa. Drie keer per week (Woensdae, Saterdae en Sondae) word 'n noodapteek vir ongeveer 'n uur lank deur Farmasiestudente beman. Basiese noodhulp word toegepas en basiese medikamente word teen 'n geringe bedrag verkoop. Die inwoners van Promosa het net die hoogste lof vir hierdie diens.

Drie noodhulpkaste (met inhoud) is aan elk van die volgende instansies geskenk: Laerskool Promosa, Hoërskool Promosa en die Bewaarskool.

Deur bemiddeling van PROMPU en PASV is kontakte gelê tussen die Raadplegende Komitee van Promosa en die plaaslike (munisipale) en provinsiale gesondheidsdienste. As vrug van hierdie samesprekings word aandag gegee aan die moontlikheid van 'n voltydse kraamsuster in Promosa en die verbetering van hospitaalgeriewe vir Kleurlinge, waaronder die indiensneming van Kleurlingverpleegsters.

EKONOMIESE ADVIES

Op 8 April is 'n vergadering in Promosa gehou waartydens mnr. Oosthuizen van Gemeenskapsbou (Johannesburg) inwoners ingelig het oor bestaande boulenings.

Die Dept. Ekonomie van die P.U. is al geruime tyd besig met die ondersoek van die ekonomiese omstandighede van die Kleurling in Potchefstroom. Verlede jaar (1974) het derdejaar Sosiologie-studente 'n beperkte wetenskaplike ondersoek gedoen na lone van Kleurlingwerkers in Promosa. Die Dept. Ekonomie, onder leiding van dr. Weber, is tans besig om die gegewens te verwerk. Daar word beoog om voor die beëindiging van die huidige studenteraadstermyn, 'n inligtingstuk die lig te laat sien. Die inhoud hiervan sal inligting bevat vir alle belanghebbendes in Potchefstroom oor die verbetering van die ekonomiese ontwikkeling van die Kleurlinge in Potchefstroom.

INLIGTINGSBURO

Nege vergaderings is beplan vir hierdie termyn waartydens aktuele onderwerpe aan die hand van rolprente en besprekings behandel word. Die rolprente word deur PASV vertoon en die sprekers word gereël deur mej. Santie Cronjé van Caritas. Die onderwerpe vir vanjaar raak sake soos drankmisbruik, gesinsbeplanning, kinderopvoeding, dobbelary, aansteeklike siektes, verdowingsmiddels en dieetvoorligting. Tot dusver geniet die vergaderingsmetode nie veel aftrek nie.

REGSADVIES

Mnr. Nic Louw van SRVP is deur sy bestuur aangewys om regsadvies in Promosa te organiseer. Besoek is afgelê by WITSCO in Johannesburg. (WITSCO is die eweknie van PROMPU op Wits — hulle werk in die Kleurlinggebied Riverlea). Daar is kers opgesteek by hierdie organisasie wat 'n puik regsadviesdiens in stand hou. Intussen het mnr. Louw bedank en kon SRVP nog nie iemand aanwys om die hulp te organiseer nie. In Promosa bestaan daar 'n groot behoefte aan regsadvies i.v.m. klein sake soos bv. die registrasie van kinders.

DRANKMISBRUIKERS

Daar word beoog om vroeg in die tweede semester te begin met groepwerk in Promosa onder leiding van mnr. Egley, dosent in Maatskaplike Sorg aan die P.U. Dit sal geskied in samewerking met die maatskaplike werkster in Promosa.

PROMPU organiseer hulp van die P.U. en ander instansies, terwyl die geleenthede vir hulpverskaffing in Promosa deur 'n Kleurlingkontakkomitee onder voorsitterskap van mnr. Schoeman van Laerskool Promosa geskep word. PROMPU poog ook om op die vlak van maatskaplike hulp die beginsel van endogene gemeenskapsontwikkeling te laat deurwerk.

# Alle Pukke welkom

**DIE naam PROMPU is 'n samevoeging van die naam Promosa (Kleurlingdorp) en P.U. Wie is PROMPU nou eintlik, wat is hulle doel? Daar bestaan 'n wanopvatting dat PROMPU aan een of ander kerk verbind is — PROMPU is 'n studenteorganisasie bestaande uit Pukke, ongeag hul kerkverband!**

PROMPU bestaan sedert einde '73 en is op die oomblik gepatroneer by A.D.B. Die vereniging verskaf diens aan die Kleurlinge op 'n verskeidenheid terreine: Akademies, sosiaal-maatskaplik, op sportgebied, ten opsigte van ontspanning en wat die uitvoerende kunste betref.

**DOELSTELLINGS**

PROMPU wil 'n diensorganisasie op vrywillige grondslag wees. Die Kleurlinge word gehelp om hulself te help, daar word gepoog om goeie verhoudinge tussen Kleurlinge en blankes te bevorder en verder wil PROMPU hom daarvan weerhou om polities oorbetrokke te wees.

**WERKSWYSE**

PROMPU besef dat die Blankes en Kleurlinge sáám in S.A. is, en dat ons saam ons heil moet uitwerk.

PROMPU vermy alle paternalisme en neokolonialisme. Daarom werk PROMPU op alle vlakke saam met die gemeenskap van Promosa. Vyf werksvlakke vind weerspieëling in vyf komitees wat in Promosa werksaam is. Die komitees moet behoeftes formuleer, werkswyses help bepaal, die organisering in Promosa behartig, evaluering doen en beheer uitoefen. Op dié manier verseker PROMPU dat hy nie sy wil op Promosa afdruk nie.

Die vyf organiseerders hou gereeld kontak met die vyf komitees.

PROMPU hoop dat die dag sal aanbreek waarop Promosa ook iets aan die PUKKE sal bied, sodat daar wedersydse handevat sal wees.

**BESTUUR**

Die bestuur van PROMPU bestaan uit agt persone met mnr. Gert Kruger as voorsitter. Behalwe weeklikse bestuursvergaderings word ook vergaderings in Promosa gehou.

PROMPU is dus 'n organisasie *van* die PUKKE *vir* Promosa en Prompu probeer steeds noue kontak hou met die Studenteraad en die Universiteit.

# NUWE STADION IN SIG

PROMPU se sportorganisasie is vanjaar baie bedrywig in Promosa. Danksy die ondersteuning van veral die Laerskoolhoof, meneer Solomons, is die wiel aan die rol.

Die vrug van goeie afrigting kon duidelik gesien word tydens die Wes-Transvaalse Interskolebyeenkoms. 'n Tweede plek het meneer Solomons breed laat glimlag.

Die aanbou van 'n nuwe stadion word in die vooruitsig gestel en PROMPU beywer hom ook hard daarvoor. Daar word ook beplan vir die stigting van 'n Atletiekklub. Die klub sal hom veral beywer vir kwaliteit werk. Hiervoor word deeltydse afrigters uit PUK geledere benodig. Weens die gebrek aan afrigters vlot afrigtingswerk in sokker, netbal en hokkie nie heeltemal so goed nie. Met die stigting van 'n Atletiekklub sal baie van dié probleme ook uitgeskakel word.

Die behoefte aan afrigters is so sterk aangevoel deur die inwoners van Promosa, dat daar op 'n afrigtingskursus besluit is. Die kursus sal in September gehou word. Belangstelling vanuit PUK geledere is reeds lewendig.

'n Lenteloop word in die vooruitsig gestel, waar die hele gemeenskap in Promosa ook sal kan toon hoe fiks hulle is.

Op dié noot wil ons dan afsluit met die beroep — staan ons by PUKKE . . .



Die Sêrgroep van Klawerhof, tydens die optrede in Promosa, en 'n deel van die gehoor wat die aand baie geniet het.

# PRONK ONTSPAN

MET die ontspanning wat PROMPU reël in Promosa poog ons om gesonde, opbouende, opvoedkundige ontspanning daar te stel waarop die gemeenskap van Promosa kan voortbou.

'n Baie unieke optrede van die Volkspelelaer is te Promosa gehou op die vooraand van hul toer (26 Maart). Uniek in dié sin dat Promosa nog nooit voorheen 'n volkspele-vertoning gehad het nie.

Die Sêr-groepe het ook op 24 April 'n geslaagde optrede in Promosa gehad.

Die musiekvereniging se optrede het groot byval gevind by die inwoners van Promosa.

„Die Boerenooi" van die Dramadepartement was 'n goeie opwarming (29 Mei) vir die optrede van Thalia met „My Broer se Bril" (12 Junie) wat daarop gevolg het.

Al die optredes het vol sale getrek. Al die voorbereidings is gedoen deur slegs 'n handjievol skakelpersone in Promosa. Die behoefte is gevoel vir 'n groter komitee wat dié sake kan behartig.

Op 16 Junie is „Pronk" gestig (Promosa Ontspanningsklub). Die eerste taak van „Pronk" was om reëlings te tref vir die optrede van die P.U. koor op 26 Junie wat ook 'n groot sukses was.

Ons bedank alle Pukke wat tot dusver in Promosa opgetree het, vir hulle bydrae en gesindheid en hoop dat hulle die optredes net so geniet het soos die inwoners van Promosa.

# PROMPU-KUNSAFDELING BEOOG BEVORDERING VAN KULTUURDIENSTE

**HIERDIE jaar het daar meer nuwe interne vertakkinge ontstaan, soos dit die geval behoort te wees met enige jonkgestigte en groeiende organisasie.**

Die kunsafdeling van Prompu hou hom besig met die organisasie en bevordering van kultuurdienste buite die akademiese sfeer (as mens dit sou kon afbaken).

Die werksaamhede vorder goed en sluit die volgende in: 'n Nuutgestigte Kleurlingkoor, wat afgerig word deur Annemarie Kruger; 'n Kadetorkes wat baie nou saamhang met die goeie natuurlike aanleg wat die jong Kleurlinge daarin toon, onder leiding van Nick Swart bygestaan deur seuns van die Hoërskool Gimnasium se kadetorkes; ballet afgerig deur Nileen Engelbrecht; klavieronderrig wat insluit hulp aan die onderwyseresse en hulp aan die kinders. Onderrig in klavier word waargeneem deur die Pukdames, o.a. Riana van Rensburg, Annette le Roux en andere.

Ons hoop om hierdeur aan die Kleurlinge die beloofde en beoogde diens te kan lewer, ook op kulturele gebied en sodoende ons rasseverhoudinge in S.A. te verbeter.



Annemarie Kruger en haar koor, besig met 'n oefening. Die groepie is baie geesdriftig.

*Die Wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Beperk, Olënlaan 11, Potchefstroom.*

# SPORT

# ..YK REG VIR GROOT DINGE NÁ TOER

**DIE rugbymanne van die Puk het tydens hul toer deur Oos- en Wes-Kaapland getoon dat hul reg en lus is vir die Shimlas! Die span het op 9 Julie vanaf Jan Smuts Lughawe vertrek en aangedoen by die klubs van Port Elizabeth, Bellville, Caledon en Worcester.**

Die span het teen die Park-klub in Port Elizabeth verloor met 'n telling van 10—4. Die Wes-Transvalers het swaar geleef in gietende reën en sterk dwarswinde. Defektiewe spreiligte het van die ontwrigtende toestande 'n fiasko gemaak.

Senter Kampher het goed vertoon met sy skoon breekslae en Greyling het vir die enigste drie van die Pukke gesorg.

Na hierdie moeilike wedstryd het die manne weer moed geskep op die boot na Kaapstad. Almal het die reis baie geniet en is vriendelik deur die kaptein ontvang.

Teen die span van Bellville, het die Pukke goed vertoon. Hulle is weer eens getreiter deur tipiese Bolandse dwarswinde, maar die keer was die veld droog. Die telling was 14—13 in die guns van die besoekers. Tydens die wedstryd het Rossouw op losskakel die aandag van Butch Lochner, 'n nasionale keurder, getrek. Die agterlyn het 'n groot beproewing gehad in die vorm van Oescher — 'n oud-WP-vleuel. Die algemene kritiek op die wedstryd was dat die agterlyn 'n swak vloei gehad het. Radlof en Van Wyk het elk vir 'n drie gesorg en De Bruin het twee strafskoppe deur die pale gestuur.

In Caledon het die Pukke 'n reuseoorwinning behaal voor 'n reuseskare met 'n telling van 38—6. Die reën het weer eens in nat vlae afgekom, maar klaarblyklik was die spelers op die stadium geklimatiseer.

Die voorspelers het vir drieë gesorg. Kloppers het twee keer agter die tuisspan se doellyn 'n bal gaan plant en Saaiman, Greyling, Van Niekerk, Le Roux, Kotze en Wessels het die orige punte ingesamel. Rossouw het een maal vervyf en Badenhorst het met twee vervyfskoppe geslaag.

Hierna is die span Worcester toe waar hul sege voortgesit is met 'n telling van 19—21. Die wind het weer eens sterk gewaai. Rossouw het op losskakel uitgeblink. Drieë is gedruk deur Greyling, Van Niekerk, Fouche, Snyman en Willie de Bruin het geslaag met 'n strafskop en 'n vervyfskop.

Globaal gesien was die toer 'n groot sukses. Wat spel betref, is die grootste kritiek dat die agterlyn te vlak lê en som 'n swak vloei het. Rossouw op losskakel en Greyling as aanvallende heelagter het heelwat lof verdien.

Volgens hul bestuurder, mnr. Ferreira, was die Pukspan deurgaans goed gedissiplineerd en kon hul optrede as ambassadeurs vir hul universiteit. Briewe is ook van die onderskeie klubs ontvang waarin die Pukke geprys is vir hul skoon spel. Verblyfouers kon slegs met lof praat van die spelers se goeie gedrag.

# Hombré stel dinge reg

HOMBRE, een van die twee grootste manskoshuise op die PUK (Caput is die ander een-) het vandeesweek weer gesorg vir 'n rekord-poging. Weliswaar nie 'n gewone rekord dié nie, maar beslis een wat moeilik oortref gaan word.

Na net 'n raps meer as drie maande na afloop van die senior P.U.-kampioenskappe, het die koshuis die blye nuus verneem dat hy die genoemde kampioenskappe verower het en nie Dorpstudente soos wat in Maart aangekondig is nie.

Sedert 5 Maart vanjaar was daar nog eenstryk deur onderhandelings tussen die koshuisverteenwoordigers van HOMBRE en die Atletiekklub aan die gang. Die besware wat HOMBRE feitlik direk na afloop van die atletiekbyeenkoms per brief geopper het, het kortliks die volgende behels:

1 Die finale punte-totale van die spanne was foutief.
2 Uitnodigingsatlete se punte is in sommige gevalle aan koshuisspanne toegeken, terwyl die eersvolgende werklike PUK-atleet slegs die punte van sy feitlike plek gekry het.
3 Sommige atlete se name (en punte) is verkeerdelik aan sekere koshuise gekoppel.
4 Daar was atlete wat na bewering vir meer as een koshuis aan verskillende items deelgeneem het.

Aangesien 'n kommissie nie dadelik saamgestel kon word om die saak te ondersoek nie, moes gewag word tot betreklik onlangs voordat die saak aandag kon geniet.

Maandag is ten slotte uitsluitsel verkry oor die aangeleentheid toe mnr. Jos Sirakis bekendgemaak het dat die besware wat deur HOMBRE geopper is, gehandhaaf word.

Die uitslag is vir die manne van HOMBRE van besondere betekenis. Daardeur sit hy die prestasie van 1974 voort, toe Skuur, sy stamkoshuis, ook beide junior en senior bekers vir atletiek op die PUK ingepalm het.

Dit is verder vir die koshuis 'n geweldige aansporing om op sportgebied steeds beter te doen. 'n Mens dink in hierdie verband veral aan HOMBRE se drie rugbyspanne wat op die oomblik sterk aanspraak maak op 'n eersteplek in die koshuisliga.

Die finale puntestand in die senior atletiekkampioenskap was teen druktyd nog nie bekend nie. Dit is wel bekend dat HOMBRE gewen het (moontlik met 'n totaal van 180 punte) teenoor Dorpstudente in die tweede-plek (met moontlik 'n totaal van 169 punte).



**Die bul-atletiekspan van Hombré, een van die grootste manskoshuise op die Puk wat uiteindelik daarin geslaag het om drie maande ná die P.U. Atletiekkampioenskappe as die kampioene aangewys te word. Die beoordelaars het met die puntetelling gefouteer.**

# Hokkiebokkies vaar goed

**DIE hokkiedames wat tot dusver besonder goed in hul ligas gevaar het, het ook tydens die afgelope SAU-toernooi vanaf 7 tot 12 Julie getoon dat hul baie potensiaal het.**

Hoewel hulle slegs een wedstryd gewen het en een gelykop gespeel het, was die gemiddelde vertoning beter as die vorige twee jare.

In 1973 was die gemiddelde telling wat opponerende spanne behaal het, ongeveer sewe. Met 1974 se toernooi was die gemiddelde aantal doele behaal, vyf. Vanjaar moes die ander universiteite uithaal om drie doele te skiet teen die Pukke.

Uit nege wedstryde wat gedurende die vyf dae gespeel is, kon slegs Wits en Stellenbosch onderskeidelik vier en vyf doele in die Pukspan se hok kry.

Die uitslae van die toernooi is as volg (Puk eerste genoem):

| | | |
|---|---|---|
| Wits | 0 | 4 |
| Stellenbosch | 1 | 5 |
| Port Elizabeth | 1 | 3 |
| RAU | 3 | 0 |
| Kaapstad | 1 | 1 |
| Natal | 0 | 3 |
| Rhodes | 0 | 3 |
| UOVS | 2 | 3 |

Natal was die wenners van die toernooi.

Intervarsity is op die oomblik nog 'n ope vraag. Teen die Kovsies het die Pukke besonder goed gespeel en naelskraap verloor met 'n telling van 3—2.

Kovsies het egter nie 'n universiteitspan alleen nie — aangesien die hokkieklub 'n ope klub is. Die hele voorlyn speel vir Vrystaat en het boonop vir Annette van Pietzen, bekende Springbokspeelster. Met 'n provinsiale voorlyn is die moontlikheid van 'n skoon oorwinning so ietwat aan die skraal kant.

Mnr. Clive Ulyate, die Pukspan se afrigter, is egter vol moed en die dames oefen nog dat dit klap. Wie weet, dalkies kan die Pukke vir 'n verrassingsoorwinning sorg.

# TENNIS 'N FEES

UMHALI, die soel seelug, goeie spangees en reuseoorwinnings het weereens van 1975 se SAU-Tennistoernooi 'n groot fees gemaak. Die span het vanaf Potchefstroom met kombi's vertrek en in Umhali gekom, hul tuisgemaak by gasvrye en vriendelike verblyf-ouers.

Die toernooi, wat vanaf 30 Junie tot 5 Julie geduur het, het op hoë noot begin vir die Pukke deurdat San-Marie Oosthuizen deurgedring het tot die semi-finaal in die dames enkels voorgee. In die mans dubbels voorgee, het Clive en Derek Botha ook deurgedring tot die semi-finaal.

In die mans dubbels, het die Campher-broers, Pieter en Fanie, hul titel van verlede jaar behou met kenmerkende sterk spel. Hul het Notman en Theron in die finaal oortuigend verslaan.

In die dames dubbels het San-Marie Oosthuizen en Rene van Rensburg gevorder tot die semi-finaal waar hul uitgeskakel is.

Die spanbestuurder, mnr. Van Wyk en sy vrou, is vol lof vir die tennisspan, wat volgens hom as baie goeie ambassadeurs vir hul universiteit kon optree. Daar het deurgaans 'n aangename spangees geheers en almal het uitstappies na Durban en ander sosiale geleenthede ten volle geniet.

# CINE-PUK

CINEPUK begin sy bedrywighede op die 15e Augustus met een van die beste films wat hierdie jaar deur KINEKOR-Films vrygestel is, naamlik PAPER CHASE.

Deur die verwerking van statistiek deur CINEPUK ingewin oor die jaar heen het hulle besluit om die voorprogram ook te wysig sodat dit in almal se smaak sal val. Pukke gaan nou nog die gewone nuusprente sien, maar daar gaan ook nou met elke fliek 'n televisiekortprent vertoon word. Die tydsindeling van die programme is ook verbeter. Die program vir die halfjaar sien as volg daaruit:

15 Augustus:
PAPER CHASE.
23 Augustus:
TAMARIND SEED.
27 Augustus:
DELIVERANCE.
28 Augustus:
THE PLOT.
5 September:
PAPILLON.
12 September:
BOLAND.
19 September:
FRENZY.
20 September:
FRIENDS.
26 September:
THE WINNERS.
27 September:
THE MECHANIC.
3 Oktober:
TOUCH OF CLASS.
4 Oktober:
SUMMER WISHES WINTER DREAMS.

# TUKKIES EN PUKKE ROEI SAAM IN VAALRIVIER

SATERDAG 26 Julie het die waters van die Vaalrivier bande gesmee tussen die kanoklubs van Tukkies en die Pukke.

Sewe Pukke en vyf Tukkies het die middag om 13h10 by Schoemansdrif in die rivier gespring. Dit was geen amptelike kompetisie nie, maar 'n sosiale roeiery. Die rivier was ongelukkig baie laag, gevolglik het 'n paar bote beserings opgedoen — gelukkig nie noodlottig nie.

Die manne het ongeveer 17h00 klaargemaak as gevolg van die naderende donker. Die moeë liggame is daarna by Skandinawiëdrif versterk deur heerlike braaivleis. Later in die aand het almal in gesellige luim gaan koffie drink by die Uitsleep.

Beide klubs se roeiers het die dag terdeë geniet en nouer kontak is in vooruitsig gestel.

Die Puk-klub beoog om weer soortgelyke gesellige roeibyeenkomste te organiseer met een uitsondering: volgende keer gaan die skoner geslag saam!

# AANDAG

MEJ. ANNALI CABANO, bekende Pukatleet, neem van hierdie week by mnr. Jan van Vuuren as sportredaktrise oor. Mnr. Van Vuuren het die Puk verlaat. (Red.).

# Moet ons? . . .

★ Vervolg van bladsy 1

'n daadwerklike Christelike invloed uitoefen."

★ Die bewering van vera Engelse kant dat die afsonderlike universiteite polarisasie tussen wit en swart sou bevorder is ten dele bewaarheid. Ons moet ook nie dink dat ons ons basiese gesindheid kan wegsteek agter mooi strukture nie. Solank as wat ons nie die Kleurlinge en swartes as volwaardige mense erken, aanvaar en behandel nie, sal ons deel van die oorsaak van die swart reaksie wees. Het ons dit nie aan ons eie lyf gevoel toe die Engelse ons minderwaardig behandel het nie? Boonwendien, die Bybel se norme in dié verband is net mooi die teenoorgestelde van ons eie houdings: „ . . . die lede van die liggaam wat vir ons minder eerbaar lyk, beklee ons met oorvloediger eer . . ." (1 Kor. 12 : 23). Dit geld ten opsigte van Christelike samelewingskringe (soos die PUK behoort te wees).